

Dagstukkies 2
Inspirerende Gedagtes
uit Die Woord
VOLUME 2
Danie Nell

# DAGSTUKKIES (NO. 2)

**Die eerste boek met "Dagstukkies"**

**was so in aanvraag dat ek**

**ge-inspireerd was om**

**"Dagstukkies No. 2"**

**te laat druk.**

**Geniet dit en deel dit met ander!**

Vertalings wat ek gebruik het

Ou en Nuwe Afrikaanse Bybel

Die Boodskap

Die Lewende Bybel

The New King James

The Living Bible

The Amplified Bible

Danie Nell, Jeffreysbaai – April 2013

Epos adres: dnell@inetcom.co.za

ISBN 978-0-620-55271-4

# God se Gees op my gees

**Lukas 4:18** *"Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het..."*

Jesus het in die Sinagoge van Nasaret gekom nadat Hy 40 dae in die wildernis was. Die boek van Jesaja is toe aan Hom oorhandig. Hy het begin lees in Jesaja 61 en ons teksgedeelte aangehaal. (Lees gerus die hele gedeelte van Lukas 4:18,19)

Wat sal gebeur as jy kan sê dat God se Gees op jou gees is?

Jy sal "inwonende krag" ervaar. 'n Engelse prediker het in sy preek die volgende aangehaal: *"I am bigger on the inside than on the outside!"* Hy het dit gesê as gevolg van 1 Joh. 4:4 Miskien ondervind jy 'n besondere moegheid? Neem tyd om op God te wag in gebed en jy sal ondervind dat Hy jou inderdaad nuwe krag sal gee, want Hy het belowe: *"...die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie." (Jesaja 40:30,31)*

Jou gebedslewe sal dramaties verbeter. Rom. 8:26 verklaar: *"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge."*

God sal jou meer liefde gee. Rom. 5:5. *"Die liefde van God word in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees."* Ek sê altyd: "Moenie my jou krag wys nie, maar wys my jou liefde, dan sal ek weet hoe vol jy is van God se Gees."

Jy sal meer met geloof kan spreek. Ons lees in 2 Kor. 4:13 *"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het Ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook."* Jy sal self verbaas wees om te hoor wat oor jou lippe kom, van oorwinning en geloof.

Wil jy graag oorwinning spreek oor jou finansies; jou werk; jou studies; jou gesin en selfs oor jou huwelik?
Bid dan dat God se Gees op jou gees kom,
en jy sal dit kan doen.

**God gee voorspoed**

**Deuteronomium 8:18** *"Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe."*

The New King James vertaling lees so: *"And you shall remember the Lord your God, for it is He who gives you **power** to get wealth..." (The meaning of this word "power" in the Old Testament is: 'Vigor, strenght, force, capacity, wealth, means or substance' Generally the words means "capacity" or "ability" – Notes from: Spirit Filled Life Bible, NKJ)*

Ek wou nie my eie verklaring in Afrikaans aan jou deurgee nie, daarom eerder die Engels.

Dit is wat God vir Israel wou leer, en daarom herinner Hy hulle met die woorde in vers 4 van dieselfde hoofstuk, naamlik: *"Jou klere het aan jou nie verslyt en jou voete het nou veertig jaar lank nie geswel nie."*

Hierdie was 'n besondere wonderwerk! Om te dink dat Israel vir veertig jaar getrek het deur die woestyn sonder dat daar 'n kleremaker nodig was of selfs het hulle nie 'n skoenmaker nodig gehad nie. Ai, dit sal heerlik wees as ons klere, die dinge in ons huise asook ons motorbande langer kon hou.

In verse 15-17 wys die Here Israel hoe Hy hulle deur giftige slange en skerpioene en droogte gelei, bewaar en voorsien het. Praat nie eers van die manna wat hulle elke dag ontvang het nie, wat vars brood vir daardie dag was. Waarlik God is 'n voorsiener.

Ek is seker dat jy en ek ook net met dankbaarheid terug kyk in ons lewe en besef dat dit die Here was wat ons tot hiertoe gebring het.

Al het jy tans genoeg rykdom of dit eendag sal hê, moet jy weet dat enige voorspoed kom net van die Here.
Vergeet dit nooit.

**Die krag van God se Woord**

**Hebreërs 4:12** *"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard..."*

Ek het vanoggend ook hierdie teks in Die Lewende Bybel gelees: *"Want as God vir ons iets sê, het dit lewe en krag. Sy woord is skerper as 'n vlymskerp swaard..."*

Jy en ek weet watter waarde het die Here se woord deur al die jare in ons lewens gehad. Neem net weer tyd om te kyk na die notas wat jy gemaak het, toe God met jou uit Sy woord gepraat het (baie keer het jy selfs 'n datum langs die teks geskryf) Wees dan net weer dankbaar vir Sy woord, want elke keer wanneer Hy vir jou 'n besondere teks gegee het, het dit jou versterk en bemoedig.

*"You first need <u>information</u> in the Word; then you need <u>revelation</u>; followed by <u>inspiration</u>."*

Ja, die eerste wat nodig is, is dat <u>kennis</u> van sekere waarhede tot ons sal kom. Net gewone kennis (deur net te weet van 'n besondere teks en waar dit geskrywe staan) is nie genoeg nie. Ons het ook <u>'n openbaring</u> van die Here nodig oor wat Hy eintlik vir ons wil sê uit daardie Skrifgedeelte. Openbaring in Sy woord is wonderlik, maar dit is nie genoeg nie. Indien <u>die inspirasie</u> (of dan passie) nie in jou hart kom om dit te doen nie, sal al die kennis wat jy ontvang het nie bereik waarvoor die Here dit aan jou gegee het nie.

<u>Ek wil dit so stel</u>:

Lees die Bybel stadiger (neem tyd) en moenie deur dit jaag nie.
Laat dan toe dat die Here deur Sy Gees vir jou dit verduidelik.
Maar kry ook inspirasie in jou hart om daardie woord te doen.
Ek belowe jou dat jy inderdaad lewe en krag sal ervaar!

## Lofpryser – die land behoort aan jou!

**Rigters 1:2** *"En die Here het gesê: Juda moet optrek. Kyk, Ek gee die land in sy hand."*

Juda was een van die stamme van Israel. Juda se ma was Lea, die vrou met die dowwe oë, en wat aan verwerping gely het. Met Juda se geboorte lees ons in Gen. 29:35 *"En sy (Lea) het weer bevrug geword en 'n seun gebaar en gesê: Dié keer sal ek die Here loof. Daarom het sy hom Juda genoem."*
Lea het haar seun die naam "Juda" gegee omdat dit "lof en prys" beteken.

Die laer van die stam van Juda was reg voor die ingang van die tabernakel, asook aan die Oostekant teenoor die sonsopkoms.(Num. 2) Ware lofprysers is mense wat naby God leef en mense wat nie negatiewe dinge praat en heeldag loop en kla nie. Is jy 'n lofpryser?

Kaleb, wat gekom het uit die stam van Juda (Num. 1:20) was 'n lofpryser, selfs op 85 jaar! In Jos. 14:10-12 lees ons dat hy vir God sê om aan hom die bergland te gee om die reuse daar te verslaan. Vir die ware lofpryser, hoe oud ookal, is Psalm 92:15 so waar: *"Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."*

Het sommige van jou familie weggedwaal van die Here? Hulle sal weer terugkom. (Jer. 31:16)
Het jy probleme met finansies? Skep moed, omdat jy gegee het, sal jy ontvang. (Lukas 6:38)
Is daar probleme met jou gesondheid? Moenie jouself jammer kry nie, maar dank die Here vir Sy genesing. (1 Petrus 2:24)

Besluit om nooit op te hou om 'n lofpryser te wees nie!

## Die Droë Laagte

**Psalm 84:6,7** *"Welgeluksalig (geseënd) is die mens wie se sterkte in U is, in wie se hart die gebaande weë is. As hulle deur die Droë Laagte trek, maak hulle dit 'n fonteinland; ook oordek die vroeë reën dit met seëninge."*

Die Boodskap vertaal dit: *"Gelukkig is mense wat hulle krag by U soek en wat heeltyd droom oor hoe hulle U huis gaan besoek. As hulle deur 'n droë vallei gaan, breek die aarde in fonteine oop en sak die vroeë reën uit sodat daar oral poele water staan."*

Hierdie uitdrukking "Droë Laagte" het gespreek van stryd en trane waardeur mense soms moes gaan as hulle by God wou uitkom. Dit is treffend dat dit geskryf is met hoofletters. The Living Bible vertaal dit met: "The Valley of Weeping"
Die mooi van ons teks is dat hulle wat deur God geseën is, en altyd hulle krag in die Here vind, 'n verskil maak aan die moeilikste omstandighede. Hulle lewe word vergelyk met die verskil wat reën maak in tye van droogte.

Baie keer sal ons ondervind dat wanneer ons nader aan die Here beweeg, ons deur 'n tyd van "geestelike droogte" sal gaan. Skep moed, soek jou krag in die Here se Woord en bo alles moenie jou passie (dit wat jou hierbinne dryf) verloor nie.

Indien jy vandag deur jou eie "Droë Laagte" moet gaan, maak seker dat jy jouself vind op 'n pad nader aan God en nie verder van God nie.

## Hoe praat God met my?

**Job 33:14** *"Want God spreek op een, ja, twee maniere; maar die mens let daar nie op nie"* Die Boodskap: *"God praat op verskillende maniere met mense, maar hulle besef dit nie..."*

Ek glo dat God praat deur die Bybel. Daarom moet ons die Bybel lees totdat dit met ons praat. Soms moet jy 'n paar hoofstukke lees en ander kere sal jy net een teks lees en dadelik weet dat die Here met jou persoonlik gepraat het. Dank die Here vir tekse soos: 2 Tim. 3:16 *"Die hele Skrif is deur God ingegee..."* en ook: 2 Pet. 1:21 *"Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."* Om te dink dat die Bybel uit 66 boeke bestaan; 1,180 hoofstukke, en is geskryf oor 'n tydperk van 1600 jaar, deur vissermanne, konings en skaapherders. En tog vorm dit 'n wonderlike eenheid. Die Bybel is die top verkoper in die wêreld. Die Here praat ook op ander maniere met ons, soos wat Die Boodskap dit stel in Job. 33:15,19: *"Vir party mense sal God 'n droom of 'n gesig in die nag gee as hulle vas op hulle bed lê en slaap...Ander kere weer probeer God mense reghelp deur siekte en pyn wat net nie ophou nie."* The Amplified Bible se vertaling is: *"God's voice may be heard by man when he is chastened with pain upon his bed..."*

Ons mag verskil met die uitleg van hierdie Skrifgedeeltes en oor hoe God tugtig, soos wat ons lees in Heb. 12, maar jy sal weet hoe die Here al met jou gepraat het.
D.L. Moody, 'n wêreld evangelis, het eenmaal gesê dat sy ma die een was wat hulle as seuns pak gegee het. Hy het uitgevind dat hoe nader hy aan sy ma gekom het wanneer sy die pak uitgedeel het, hoe swakker was die houe.

Mag die Here vandag met jou praat. En in moeilike tye sorg dat jy nader aan God beweeg en nie verder nie.

## God hoor ons

**Psalm 94:9** *"Sou Hy wat die oor plant, nie hoor nie, of Hy wat die oog formeer, nie sien nie?"* Die Boodskap: *"Die Here maak ore sodat mense daarmee kan hoor. Sal Hy dan self doof wees? Hy maak oë sodat mense kan sien. Sal Hy dan self blind wees?"*

God hoor ons ook as ons kla! Mirjam het haar broer Moses se leierskap aangetas. En in Numeri 12:2 lees ons hierdie woorde: *"En die Here het dit gehoor."* As gevolg hiervan het Mirjam melaats geword. Laat ons dus versigtig wees wat ons sê.

God hoor ons as ons met mekaar praat oor Sy goedheid, soos wat ons lees in Mal. 3:16: *"Maar die wat vir die Here ontsag gehad het, het met mekaar oor Hom gepraat. Die Here het dit agtergekom en gehoor wat hulle sê..."* (Lewende Bybel)
God moedig ons aan om Hom aan te roep. Want Hy het gesê: *"En roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet my eer." (Psalm 50:15)*
Dawid bid: *"O, hoorder van die gebed, tot U moet alles vlees kom." (Psalm 65:3)* En in 2 Samuel 22:7 skryf hy: "*Toe ek benoud was, het ek die Here aangeroep, en ek het geroep tot my God; en uit Sy paleis het Hy my stem gehoor, en my hulpgeroep was in Sy ore."*

Vyftig jaar gelede, toe ons seun Nico 'n week oud was, moes ons met hom deurjaag na die Suid Randse hospitaal in Johannesburg. Ons huis dokter op Frankfort kon niks meer vir hom doen nie en het nie veel hoop vir hom gehad nie.
My vrou het hom in haar arms vasgehou. Daardie dag, net daar in die motor, het ons die Here in benoudheid aangeroep en het Hy ons verhoor. Reeds die volgende oggend kon ons sien hy is genees. Vandag is hy voltyds in die Here se diens.

Jy kan ook met die grootste vrymoedigheid die Here aanroep, en wees verseker dat Hy jou sal hoor en ook antwoord.

## Waarom is daar leiers in die Kerk?

**Efésiërs 4:12,13** *"Hierdie mense, met die spesiale gawes wat hulle gekry het, werk saam om die gemeente te help en voor te berei om hulle werk as Christene in die wêreld goed te kan doen. Op dié manier sal die liggaam van Christus (jy en ek) sterk word en kan wees wat ons behoort te wees."*
*(Die Boodskap)*

Lees self verse 13 tot 16 sorgvuldig en jy sal duidelik sien waarom die Here leiers in die Kerk aangestel het. Dit is om ons te help om geestelik te kan groei na volwasse Christene. Indien jy nie geestelik groei nie, moet jy seker maak dat jy die regte dinge doen, want alleenlik dit wat jou dryf in jou hart (ons noem dit 'n "passie") sal vir jou as mens vervulling bring. Byvoorbeeld, indien jy deel is van die aanbiddingspan en jy groei nie geestelik nie, mag dit wees dat dit nie die regte ding vir jou is om te doen nie. Die hele lewe is so dat enige plant wat gesond is, goed versorg word en ook op die regte plek staan...sal groei. Met ons as mens is dit dieselfde.

Die bydrae wat jy lewer in jou gemeente moet help dat daar <u>eenheid</u>, <u>liefde</u> en ook <u>groei</u> in die gemeente sal wees, soos wat Die Lewende Bybel dit stel in Ef. 4:16: *"Die kerk is Sy liggaam en die hele liggaam is van Hom afhanklik. Die dele van die liggaam is aan mekaar verbind en vorm 'n eenheid <u>omdat elke liggaamsdeel sy werk doen en die ander liggaamsdele help</u>. So groei die liggaam (die gemeente) deur die medewerker van al die liggaamsdele, en daar is liefde onder mekaar."*
Indien jy frustreerd is in wat jy tans doen, los dit dadelik en hoor by die Here waar jy betrokke moet wees.

Praat ek met iemand wat "onvervuld" is? Bid alleen gaan nie vervulling gee nie. Om net vas te hou aan 'n profesie wat jy ontvang het is nie genoeg nie. Alleenlik as jy die passie wat nou in jou hart is, sal uitleef. Doen dit!

# God maak van ‘n minus ‘n plus

**Romeine 8:28** *"En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is."* Die Boodskap: *"...God gebruik elke ding wat in ons lewens gebeur om sy doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit."*

T.D. Jakes het eenmaal hieroor gepreek waar ek in die diens was. Hy het klem geplaas op die woord "together" in die Engelse vertaling wat sê: *"And we know that all things work together for good..."* Hy het gesê dat as seun het hy altyd gekyk hoe sy ma koek gebak het. Sy het geneem: koekmeel; sout; bakpoeier en eiers. Elkeen op sy eie is nie smaakvol nie. Ek onthou toe hy gesê het: "But when she put it together and baked it, it became a lovely cake."
Ek wil dit so stel: Net so gebruik God die "negatiewe" en die "posetiewe" dinge wat met ons gebeur en laat dit ten goede meewerk. God maak van ‘n minus ‘n plus in ons lewens.

Billy Sunday het in ‘n koolmyn in Engeland gewerk. Hy was bekend as die "halleluja en amen" Christen.
Dit word vertel dat ‘n hondjie een oggend sy toebroodjies gegryp het net voordat hy afgesak het in die myn, en daarmee weggehardloop het. Sy maats het hom toe gespot met sy "halleluja en amen" terwyl hy probeer het om die hondjie te vang. Toe hy teruggekeer het by die skag moes hy uitvind dat sy maats reeds afgesak het, maar dat die kabels gebreek het en almal dood was. Net daar het hy neergekniel en God gedank vir ‘n hondjie wat sy brood kom steel het.

Ek loof die Here dat Rom. 8:28 waar is, maar weet dit is nie altyd maklik om hierdie teks te glo as dinge verkeerd loop nie.

Antwoorde op alles sal ons nie vir mekaar kan gee nie, maar God se antwoord is dat alles sal ten goede meewerk.

## Wees soos 'n kind

**Hoséa 11:1** *"Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad..."*

Ongelukkig het Israel later in homself "te groot" geword. Ons moet nie te groot word in onsself nie, maar kinderlik wees in alles wat ons doen. Kinderlik ja, maar nie kinderagtig nie. Jesus het in Matt. 18:3 gesê: *"Voorwaar, Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie."*
Toe Israel nog soos 'n kind was, kon die Here vir hulle manna uit die hemel stuur om hulle te voed; toe hulle soos 'n kind was, kon hulle nog kyk na 'n koper slang op 'n paal en gesond word van die dodelike gif van die slange wat hulle gepik het; toe hulle soos 'n kind was, kon die Here vir hulle water uit 'n rots gegee het; toe Israel nog soos 'n kind was, kon hulle om die mure van Jerigo loop totdat die mure geval het.

<u>Hoekom moet ons soos 'n kind wees?</u>

'<u>n Kind glo maklik</u>. Ek onthou hoe ek in my eerste diens in die bosveld, as 'n jongman, kinderlik genoeg was om te bid dat 'n storm sou verbygaan sodat die Here wonders kon doen onder die werkers van die omliggende plase. Daar in die oop veld het die Here talle genees.
As 'n jong prediker het ek net twee hemde gehad. Ek het gebid vir meer hemde en in vyf maande tien hemde ontvang.
'<u>n Kind vergewe en vergeet so maklik</u>. Hulle is die een oomblik in 'n groot rusie met hul maatjie en sommer gou loop hulle weer hand om te nek, asof niks gebeur het nie.
'<u>n Kind is dankbaar vir die minste</u>. Ek het my altyd verbaas waaroor 'n kind dankbaar kan wees. Die Bybel sê tog duidelik in 1 Thes. 5:18 *"Wees in alles dankbaar"* Ef. 5:19,20 *"Sing met julle hele hart vir die Here. Moenie vergeet om altyd vir God, die Vader, baie dankie te sê vir alles nie."* (Die Boodskap)

Besluit om soos 'n kind, te glo; te vergewe en dankbaar te wees.

## Die "ek" moet sterf!

**Johannes 12:24** *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."*

Vandag wil ek hierdie Skrifgedeelte gebruik om jou aan te moedig dat die "ek" in jou minder word en dat "Christus" in jou meer moet word! Johannes die doper het ook begeer dat Jesus in hom meer moet word, hyself minder.
Die hoofrede waarom ons nie geestelik kan groei nie, is omdat die *"ek"* in ons te sterk is. Dit is daarom dat Jesus hierdie beeld van die koringkorrel wat moet sterf gebruik het. Jou grootste vyand is nie die duiwel nie, maar jyself.
Kathryn Kullman, was 'n magtige instrument in God se hande. Hy kon haar gebruik dat groot wonderwerke plaasgevind het. Haar krag het daarin gelê dat sy kon sê: *"I can show you the place were Kathryn Kullman died."* Kan jy en ek dit sê of is die "ek" nog te sterk?
Paulus se lewe kan opgesom word, soos volg: Ons lees eers dat hy praat van *"ek en Christus"* Dan lees ons in sy briewe van *"Christus en ek"* Maar aan die einde van sy lewe is dit treffend om net te lees van *"Christus"* Die "ek" het dus totaal verdwyn. Dit is toe dat hy in oorwinning kon skryf: *"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my."* Dit was sy woorde in Gal.2:20 en in 1 Kor. 15:3 roep hy uit: *"Ek sterf dag vir dag..."*

<u>Roep vandag uit</u>:
"Net soos U wil Heer, doen dit met my. U is formeerder en ek is die klei. Vorm my en maak my, net soos U wil. Ek sal my oorgee, wagtend en stil."
Jy alleen moet sorg dat die "ek" sal sterf en dat "Christus" in jou sal leef.

## Die bloed van Jesus Christus

**1 Johannes 1:7,9** *"...die bloed van Jesus Christus, reinig ons van alle sonde. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."*

As die bloed in ons liggame nie `n sekere liggaamsdeel bereik nie, sal daardie deel sterf. As Jesus se bloed nie jou reinig nie, sal jy geestelik doodgaan. Daarom is dit noodsaaklik om 'n mens se sonde voor God te bely sodat die bloed van Christus die reinigingswerk in ons lewens kan doen.

Alle sondes wat van harte bely is, is vergeefde sondes
Kyk wat het God met jou sondes gedoen wat Hy vergewe het:
Kol.2:14 (L/Bybel) *"Hy het `n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."*
In Ps.103:12 lees ons dat God verwyder ons sondes so vêr as die Ooste is van die Weste. Waar is Oos en waar is Wes? Niemand kan `n spesifieke plek bepaal nie. Hy verwyder ons sondes so vêr van ons dat ons dit nooit weer kry nie.
En in Miga 7:19 lees ons: *"Hy sal ons weer jammer kry. Al die verkeerde dinge wat ons gedoen het, sal Hy onder Sy voete vertrap. Hy sal meer as dit doen, Hy sal dit baie diep in die see gooi. Dit sal so goed wees of hierdie verkeerde dinge nooit eers gedoen is nie."* (Die Boodskap)

Wat doen ek as die ou verkeerde gedagtes wil terugkom?

Kol.3:1,2 gee die antwoord: *"As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is … bedink die dinge wat daarbo is …"*

**Wees gefokus!**

**Habakuk 2:2** *"Toe antwoord die Here my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees."*

Wat God eintlik vir Habakuk sê is om 'n nota te maak van die visie of passie wat die Here in sy hart geplaas het. Hy moet dit nie net in sy hart glo nie, maar dit neerskryf dat ander wat dit sou lees ook daardeur geïnspireer sal word. Ek is seker jy het ook in jou hart drome wat jy van die Here ontvang het. Jy sien jou visie is jou passie. Dit is daardie sterk drang in jou wat jou die dryfkrag gee om jou doel te bereik.
Jy moet soos 'n atleet wees wat fokus op die wenpaal, soos ons lees in: Filippense 3:14: *"Soos 'n atleet wat sy oë net op die wenpaal hou, so span ek alles in my in..."* (Die Boodskap)

Jou visie (jou passie) sal jou op koers hou as alles om jou in duie stort. Dit is wat Paulus laat bly glo het in God wat hom geroep het vir 'n sekere doel, al was hy op 'n sinkende skip. (Hand. 27:25) Jou passie sal jou dra as emosies nie daar is nie. Skryf jou visie (jou passie) neer dat jy dit self sal verstaan en ook ander sal inspireer.
<u>Maar onthou een ding</u>: As jy nie alles wat jou hier binne dryfkrag gee sal voltooi in jou leeftyd nie, dan was dit nie groot genoeg nie. Hoor my mooi: Jou visie (ja, jou passie) moet groter wees as jyself.

Walt Disney het 'n biljoenêr geword met 'n rot en 'n eend. Ons ken dit vandag as "Mickey Mouse and Donald Duck"
Na sy dood was sy vrou genooi na die opening van "Disney World" in Florida. Iemand sê toe vir haar: "Jammer dat jou man nie sy droom kon sien nie." Haar antwoord was: "Hy het"

Wees gefokus op wat jy moet doen.
En doen dit met alles wat in jou is!

## Die vlees teenoor die Gees

**Galasiërs 5:17** *"...die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie."*

Paulus was eerlik om die volgende neer te skryf: *"Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, (hier verwys Paulus na sy sondige begeertes) niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek."* (Romeine 7:18,19)
Ek wens ek kon jou vertel dat die verkeerde neigings wat jy soms in jou ondervind, totaal dood gemaak kan word. Ongelukkig werk dit nie so nie. Eintlik werk dit so dat hoe nader jy aan God leef, hoe nader sal die duiwel aan jou beweeg om jou te laat struikel en val.

Dit is belangrik dat jy en ek sal weet dat daar twee "kragte" is wat in ons werk. Die een is ons menslike vleeslike begeertes en aan die ander kant is dit God se Gees wat in ons werk.
Dank die Here dat Hy wat vir ons is is groter as hy wat teen ons is. (1 Joh. 4:4)
Jou oorwinning is daarin dat indien jy jouself voed met God se Woord en met die goeie dinge van die lewe, sal die verkeerde vleeslike begeertes jou nie oorweldig nie. Die Bybel sê tog duidelik die volgende: *"Oorwin die kwaad deur die goeie"*

Versoekings sal kom, maar die ou mense het altyd gesê:
"Jy kan nie help dat 'n kraai oor jou kop vlieg nie, maar jy kan keer dat hy nie in jou hare nesmaak nie."

## Genoeg om vir ander ook te kan gee.

**2 Korinthiërs 9:8** *"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee." (Die Lewende Bybel)*

"The Amplified Bible" stel dit so pragtig: *"God loves (takes pleasure in) a cheerful, joyous giver, whose heart is in his giving."*
Is dit moontlik om genoeg te besit sodat ons vir ander baie kan gee? Ons antwoord 'n duidelik "ja" Ek glo ook dit is God se wil dat ons sonder skuld sal wees. Kies met 'n wilsbesluit voorspoed. Volg dit op en besluit om 'n gewer te wees.
Ek sal nooit vergeet toe Helene en ek gaan kuier het by oom Dan op sy plaas in Albertinia nie. Hier voor my het hy kom sit, en vir my gesê het: "Ek gaan nie meer die Here se tiendes gee nie, want Hy seën my teveel. Die skape wat lam gee tweelinge en selfs drielinge. Dit raak nou teveel, daarom dink ek, ek gaan nie meer gee nie." Ek was verbaas oor sy aanmerking, maar omdat ek die opregtheid van sy hart geken het, kon ek hom aanmoedig om wel getrou te gee aan die Here. Ek moedig jou ook aan om te bly gee.

As voltydse herderspaar het ons geweet wat dit was om "van die hand tot die mond te leef" Tot op 'n dag dat ons as man en vrou voor die Here, neergeval het en ons harte voor Hom uitgestort het – spesifiek rakende ons finansies. Ons het besluit om ekstra te gee vir Sendingwerk.
Ek het 'n tjek uitgeskryf en dit opgehou voor die Here, terwyl ons hardop gebid het: "Here hierdie saad gee ons 'n naam en noem dit "skuld vry" Dit was in Februarie van daardie jaar en teen die einde van dieselfde jaar was ons vir die eerste keer skuld vry. Loof die Here!

God wat ons gehelp het, sal jou ook help en vir jou voorsien. God wil Sy kinders sonder skuld sien, sodat ons genoeg sal hê, om genoeg te kan weggee!

## Herinner die Here aan Sy beloftes

**Jesaja 62:6** *"...Julle wat die Here herinner aan Sy beloftes – moenie rus nie..."*

Herinner God aan die belofte van die ewige lewe, want in 1 Joh. 2:25 staan geskrywe: *"En dit is die belofte wat Hy beloof het, naamlik die ewige lewe."* Dank God vir 1 Joh. 5:13 *"Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God (Jesus) sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het..."* Jy moet nooit twyfel dat jy die "ewige lewe" het nie! Herinner God aan die mag en gesag wat hy aan jou beloof het. Lukas 10:19 *"Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie."* Tree op soos een wat dit glo!

Herinner God aan Sy belofte dat Hy ons gesond sal maak. Exodus 15:26 *"Ek is die Here wat jou gesond maak."* Die Boodskap vertaal dit nog amper beter: *"Ek sal sorg dat jy gesond bly"* Hou vas aan die belofte dat die Here gesond maak en gesond hou!

Ek wens ek kon met jou deel al die getuienisse van genesing wat ek deur die jare gesien het. Een uitstaande genesing was toe die Here die oupa grootjie van Alan Platt genees het van twee groot kanker gewasse in sy maag. Oom Strydom was reeds 75 jaar oud en het gewoon in Paul Pietersburg. Helene en ek was hul herderspaar in ons eerste gemeente, naamlik Vryheid. Ons het saam met die Strydom familie (en ons was 20) vir vyf dae aaneen vir Oom Strydom in sy huis gebid. Loof die Here, want Hy het hom volkome genees!

Moenie skaam wees om vandag die Here te herinner aan Sy beloftes nie. Wat God beloof het sal Hy waar maak.
*"Christus sê nooit een ding en doen dan iets anders nie.
Hy maak al God se beloftes in die Bybel waar."
( 2 Kor. 1:20 – Die Boodskap)*

# Christus is in ons

**Kolossense 1:27** *"...Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid"*

*New King James: "Christ in you, the hope of glory."*

In hierdie Skrifgedeelte verwys Paulus na "'n geheim" en daardie geheim is "Christus is in ons" Hy wat in jou is, is instaat om Sy heerlikheid deur jou te openbaar om ander te bevry.
Ek deel met jou iets wat so pas met ons gebeur het in Amerika.

Sondag die 30ste September 2012 was Helene en myself in 'n kerk in Temple, Texas. Helene het reg voor in die kerk langs 'n vrou gaan sit, haarself voorgestel en 'n paar woorde met haar gepraat. Min het Helene besef hoe kragtig hierdie teks werklik was, naamlik dat Christus in ons Hom die geleentheid gee om op enige plek deur ons te werk soos Hy wil.

Kom ek vertel jou wat die volgende dag gebeur het op pad na Dallas se lughawe, waar ons terug sou vlieg na Suid Afrika.
Die pastoor se selfoon lui en hy is in gesprek met daardie vrou wat langs my vrou gesit het. Vir jare was sy misbruik deur mans en het almal haar geken as iemand met 'n baie lae selfbeeld. As gevolg daarvan het haar groot bos hare haar gesig bedek. Haar getuienis aan die pastoor was dat God haar (net daar langs Helene) totaal vrygemaak het. Die Christus wat in my vrou woon het Homself aan hierdie vrou openbaar en haar vrygemaak. Sy sou daardie dag haar hare laat sny om haar gesig vir almal te wys. En die eerste keer in jare kon sy haar kop optel omdat Christus haar vrygemaak het...sonder dat iemand vir haar gebid het!! Jy sien, dit gaan nie oor ons pogings nie, maar dit gaan oor Christus wat deur ons wil werk.

Ai, as jy en ek net kan leef soos mense wat weet dat Christus is in ons is. God se Gees sal dan deur ons werk en ander om ons bevry met Sy krag!

# Om lief te hê

**Filippense 1:9** *"Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling..."*

Paulus se gebed vir die gelowiges in Filippi was dat hulle liefde meer en meer sal groei. Dit is my gebed ook vir jou.

Die Skrifgedeelte wat die Here gebruik het om my hart vir Hom te wen was 1 Korinthiërs 13. Dit is ook bekend in die Bybel as die *"Liefdes-hoofstuk"* Ek was toe sestien jaar oud.

Wat beteken dit om waarlik lief te hê? Dit beteken meer as om net goed te kan praat, al sou dit mooi geestelike gesprekke wees waarin ek betrokke is. Dit kan selfs goeie prediking insluit. Welsprekenheid is die taal van die lippe – liefde is die taal van die hart. Dit kan ook wees dat ek "groot" geloof openbaar in die dinge wat ek doen, maar dan sê Die Boodskap dat indien ek nie ander lief het nie *"is ek vir die Here 'n nul op 'n kontrak"* (1 Kor. 13:2) Wanneer jy liefhet sal jy geduldig wees, en dit sal maklik wees om vriendelik te kan wees sonder om net gedurig oor jouself te praat. Jy sal die mooiste dinge vir ander gun. Jy sal beslis nie ongeskik wees nie, maar net jou beste maniere wys. Jy sal ook nie boek hou van al die verkeerde dinge wat mense jou aangedoen het nie. Dit sal vir jou maklik wees om die verkeerde dinge te kan vergeet omdat jy kan vergewe. Dit sal vir jou nie moeilik wees om ander se foute toe te maak met die liefde wat jy in jou hart vir hulle het nie. Die Boodskap stel dit soos volg: *"Liefde is nie iets wat 'n mens kan opgebruik en dan is dit klaar nie"*

Jy ken sekerlik Galasiërs 5:22 wat handel oor die vrug van die Gees? In my eie woorde som ek dit soos volg op:

Blydskap is liefde wat juig; Vrede is liefde wat rus; Lankmoedigheid is liefde wat verdra; Vriendelikheid is liefde wat dien; Sagmoedigheid is liefde wat oorwin; Goedheid is liefde se karakter; Selfbeheersing is wanneer liefde regeer; Getrouheid is wanneer liefde volhard.

Mag ons liefde toeneem *"...in begrip en aanvoeling."*

## Dank God vir Sy Woord

**Hebreërs 4:12** *"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard..."*

Vir ons is die Bybel 'n swaard waarmee ons enige aanslag van die duiwel kan oorwin (Ef. 6:17) Dit is ook voedsel wat ons innerlik kan voed. *"En verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei." (1 Pet. 2:2)*
Ons lees in Jer. 23:29 *"Is My woord nie sò, soos 'n vuur, spreek die Here, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?"*
Voorwaar dit verbreek rotse van sonde asook siekte in ons lewe. Vertrou nou, terwyl jy hier lees, dat die Here die "rotse" in jou lewe sal verbreek asook in jou gesin deur Sy Woord!
God se woord bewaar my teen sonde. Ps. 119:11 *"Ek het u woord in my hart gebêre dat ek teen u nie sal sondig nie"* Sorg dus dat jou hart altyd vol is van Sy Woord, dan sal sonde jou nie onkant vang nie. (Lees gerus ook Psalm 119:9)
Dit verlig my pad. Ps. 119:105 *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."* Glo hierdie teks vir vandag!
Dit bring vreugde en blydskap in my hart, volgens Jer. 15:16 *"Toe U woorde gevind is het ek hulle opgeëet, en U Woord was vir my 'n vreugde en vrolikheid vir my hart, want U Naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die Leërskare."*
Ai, as ons net meer kan lag, want dit sal genesing bevorder.
Hoor wat sê Spreuke 17:22
*"'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog."* (Ou/vert)
*"Vreugde en geluk is goed vir jou gesondheid. Depressie kan jou knak."* (Die Boodskap)
*"A happy heart is a good medicine, and a cheerful mind works healing, but a broken spirit dries the bones."* (The Amplified Bible)

'n Bly mens is 'n vry mens, en 'n vry mens is 'n bly mens. Besluit om meer tyd te gebruik wanneer jy die Bybel lees.

# Getrouheid

**Matthéüs 25:23** *"Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer."*

Die gelykenis van die talente ken ons seker van jongsaf?
Dit is waar die man op reis gaan en sy besittings toevertrou aan sy diensknegte. Toe hy terug kom, vind hy dat almal nie getrou was met wat hulle ontvang het nie.
Ons weet dat hierdie gelykenis gaan eintlik oor God wat aan jou en my talente gee, en dat Hy verwag dat ons dit sal gebruik om suksesvol te wees in hierdie lewe.
Die hele boodskap gaan daaroor om getrou te wees in die minste. Slaag jy en ek hierdie toets van getrouheid?

Vandag word mense aangestel volgens hulle bekwaamheid; volgens hul kennis en baie keer volgens die populêre stem. In die Kerk asook in die besigheids wêreld (ja, oral) behoort getrouheid die grootste rol te speel.
Ons lees in die Bybel dat hulle wat vir God diens gedoen het in die tempel aangestel was weens hul getrouheid. Die volgende staan geskrywe in 2 Kron. 31:18 *"...want volgens hulle getrouheid was hulle werksaam met die heilige dinge."* Ek hou ook van wat ek lees in Psalm 31:23, naamlik: *"Die Here bewaar die getroues..."* En God sê in Psalm 101:6 *"My oë sal wees op die getroues in die land..."*
Getrouheid is ook deel van die vrug van die Gees in Gal.5:22. Die Boodskap het "getrouheid" in hierdie gedeelte vertaal met die volgende woorde: *"Ander kan altyd op hulle reken omdat hulle self deur dik en dun op God vertrou."* Beskrywe dit jou en my?

Om getrou te wees is iets wat deur 'n besluit kom.
Wees getrou en gebruik jou talente.
Wees getrou om elke dag Sy Woord te lees en te bid.

## **Ken en verstaan jouself**

**I Thes. 5:23** *"En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus."*

Volgens ons teks moet heiligmaking plaasvind in al drie hierdie areas van die mens. In ons gees, ons siel en ons liggaam. Wedergeboorte vind plaas in ons gees. Jy en ek moet self werk aan ons siel (m.a.w. Ons denke; emosies en wil) asook ons liggaam.
Ons is ten eerste "gees" Ons gees bestaan uit ons "gewete" en "intuïsie" (dit is hier waar ons ingewings ontvang) Die Afrikaanse woordeboek beskryf dit so: 'Ingewing is 'n gewaarwording wat deur bonatuurlike of 'n innerlike mag in 'n mens tot stand kom.' (In Engels praat ons van "Impartation")
Maar ons bestaan ook uit 'n "siel" 'n Definisie vir die siel is: Ons denke; emosies en wil.
ONS DENKE Spreuke 23:7 sê soos 'n mens dink so is hy. Spr. 4:23 *"'n Mens se hele lewe word deur jou gedagtes beheer."* (Die Lewende Bybel) Die waarheid is dat jy en ek is die somtotaal van wat ons tot hiertoe gedink het. Ons denke moet verander word, soos God wil hê ons moet dink. Rom. 12:2 stel dit duidelik: *"word verander deur die vernuwing van julle gemoed."*
ONS EMOSIES Ons emosies is die volgende: Liefde en haat; woede en kalmte; entoesiasme en teleurstellings; vreugde en bedruktheid. Aan hierdie emosies moet onsself gedurig werk.
ONS WIL Jy en ek is nie soos 'n robot gemaak nie, en kan dus self besluite neem.

"Dankie Here wat U in ons gees vir ons gedoen het.
Help ons om aandag te gee aan ons denke; emosies en wil."

# Om naby God te wees

**Psalm 73:28** *"Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees; in die Here HERE het ek my toevlug gestel, om al u werke te vertel."*

Asaf wat hierdie Psalm geskryf het, was een van die hoof Levitiese sangers in die tyd van Dawid. Die Bybel verwys na hom as iemand wat 'n bediening van sang en musiek gehad het. 1 Kron. 25 sê dat hy besield, geoefend en 'n meester was! Net die beste is goed vir God.
Asaf het begeer om naby God te wees, maar hy was eerlik om te sê: *"...my voete het amper gestruikel, my voetstappe het byna uitgegly. Want ek was afgunstig...toe ek die voorspoed van die goddelose mense sien." Psalm 73:2,3* Asaf het geworstel met hierdie probleem van hulle wat God nie dien nie, en tog voorspoedig is, totdat hy 'n sekere ontdekking gemaak het: *"...totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het." (vers 17)* Toe hy nader aan God gekom het, het hy beter verstaan.
Is dit ook jou begeerte om naby God te wees? Maak dit 'n sterk dryfkrag in jou lewe. Baie meen dat hulle naby God kan kom deur hul kleredrag; deur die baie dinge wat hulle vir God doen. Ongelukkig is ons baie keer met die dinge van die Here besig en nie besig met die Here van die dinge nie.
Vir my bly Psalm 15 'n besondere gedeelte om my te leer wat ek moet doen om naby God te kom en om naby Hom te leef. Lees dit gerus totdat jy die boodskap daaruit kry.

"Om naby God te wees" is 'n wilsbesluit.
Besluit dit vir vandag.

## Wandel in die Lig

**1 Johannes 1:7** *"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."*

Lig verteenwoordig wat goed, rein, waar, heilig en betroubaar is. Donkerheid verteenwoordig sonde en alles wat boos is.
Lig word ook vergelyk met waarheid wat enigiets wat verkeerd is openbaar en oorwin. Daarom moet ons nie altyd probeer om die verkeerde te beveg nie, maar waarheid te laat geld.
<u>Prakties wil ek dit so verduidelik</u>: Wanneer jy in die nag in 'n donker vertrek instap, veg jy nie teen die donkerheid nie, maar soek die skakellaar en skakel die lig aan. Wat gebeur dan? Dadelik is dit helder lig in die kamer. Net soos wat donkerheid nie kan bestaan in die teenwoordigheid van lig nie, net so kan dit wat verkeerd is, nie bestaan waar ons waarheid <u>praat</u> en <u>leef</u> nie.

In die Ou Testament moes die sondaar sy/haar sonde plaas op die hoof van die offerlam wat hulle na die priester bring, wat dan in hulle plek aan God geoffer was vir hul sonde. (Lev. 4) Die offer kon nooit hul sonde verwyder nie.
Dank God dat Jesus vir jou en my geword het "die Lam van God wat die sonde weggeneem het" (Joh. 1:29) Nie net is ons sonde vergewe nie, maar is dit "weggeneem"
Indien ek "gedurige" reiniging begeer, sal ek die goeie moet najaag en in verhouding met my mede-gelowiges moet leef. Doen ek dit, word die belofte dat Jesus se bloed my sal reinig van alle sonde, ook myne. (1 Joh. 1:7)

Baie wil leef soos hulle wil asook in bitterheid met ander gelowiges, en tog glo hulle dat Jesus se bloed hulle reinig. Leer ons teks ons nie iets anders nie?

# Let op jou roeping

**1 Kor. 1:26** *"...let op julle roeping, julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie;"*
**Ef. 4:1** *"Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is..."*

'n Geroepene van God is 'n gevangene van die Here. As jy "'n gevangene van die Here" is meen dit dat jy nie kan doen wat jy wil nie (Hand. 20:22-24) en kan jy nie enige tyd "bedank" nie. Dit is gevaarlik om buitekant jou roeping te beweeg. Dink aan koning Ussia en wat met hom gebeur het in 2 Kronieke 26, toe hy die vuurpan geneem het om offerrook te laat opgaan op die reukaltaar, terwyl net priesters dit mag doen. Omdat hy buite sy roeping beweeg het, het hy melaats geword en gesterf.

Alle nood en behoeftes is nie jou roeping nie. Dit is nogal iets waarmee ek baie gesukkel het in my lewe, want wanneer ek 'n nood gesien het wou ek dadelik daarmee help. Help hulle in nood maar moenie dit ewe skielik jou roeping maak nie.
Net dit waarvoor God jou geroep het bring vervulling. Dit is ook iets wat Paulus vir Timotheus geleer het: *"...doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening."* (2 Tim. 4:5) Jy sal net vervulling ervaar as jy doen wat die Here wil hê jy moet doen. Wat ek ook uitgevind het is dit – wanneer jy gefrustreerd is in wat jy doen, is dit verseker nie jou roeping nie.

Een besondere teks oor roeping vind ons in Rom. 11:29: *"Want as God mense geroep het en dinge aan hulle gegee het, dan trek Hy dit nie weer terug nie."* (Die Lewende Bybel) Die "Amplified: Bybel het dit so vertaal: *"...He does not change His mind about those to whom He gives His grace or to whom He sends His call"* Gryp hierdie belofte vas met albei jou hande!

Maak seker van jou roeping; deel dit met jou gemeente leiers, en versoek dat jy afgesonder word in jou roeping.
Mag jy 'n vervulde en gelukkige mens wees!

**Here, open my oë!**

**2 Konings 6:16,17** *"...Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is. En Elisa het gebid en gesê: Here open tog sy oë, dat hy kan sien. En die Here het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elisa."*

Hierdie is 'n besondere Skrifgedeelte in die Bybel. Want as jy en ek werklik kan glo dat die wat by ons is, meer is as die wat teen ons is...en as ons kan "sien" dat God se leermag daar is om ons te beskerm...sal ons anders optree.
Ons verhaal gaan daaroor dat Elisa se lewe in gevaar was omdat hy geweet het wat die koning van Sirië selfs in sy slaapkamer praat. As gevolg daarvan kon hy elke keer die koning van Israel waarsku teen hinderlae wat vir hulle wag. Dit is daarom dat die vyandige koning 'n leermag gestuur het om Elisa te laat vang. Dit het Elisa nie afgeskrik nie omdat hy God se leermag gesien het wat hom sou beskerm. Elisa se dienskneg, Gehasi, kon nie sien wat hy gesien het nie. Dit is toe dat Elisa hierdie gebed gebid het.

Mag God ook vandag jou oë open sodat jy kan sien!
"Sien" jou genesing, of die van jou geliefde! Moenie teen die siekte vaskyk nie. "Sien" dat die Here uitkoms gaan gee in die fondse wat jy so dringend nodig het. "Sien" die uitstekende eksamen uitslag wat vir jou wag. Soos wat ons lees in Romeine 4:17 moet jy die dinge roep wat nog nie bestaan nie, asof dit reeds bestaan. Jy doen dit omdat jy dit in die geloof sien. Jesus het eenmaal die volgende uitdrukking gemaak *"As jou oog reg is, sal jou hele liggaam verlig wees."* (Matt. 6:22) Moenie vandag jou oog plaas op die probleme om jou nie, want dan kan jy sink soos wat Petrus gesink het omdat sy oë gevestig was op die sterk wind. (Matt. 14:30)

My gebed vir myself is: "Here, open my oë"
Ai, as ons net kon sien hoe naby ons oorwinning is!

## Salf met olie

**Jakobus 5:14** *"Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het."*

Wanneer laas het jy 'n preek oor hierdie teks gehoor?
Toe ek so pas in die voltydse bediening begin het in 1957, moes ek gaan bid vir 'n bejaarde siek man wat gewoon het op Klerksdorp se plotte. Tot my verbasing het hy my gevra waar my olie was sodat ek hom kon salf. In skaamte moes ek erken dat niemand my in die Bybelkollege geleer het oor die salf met olie nie. Net daar het hy my aangemoedig om nie vir 'n sieke te bid as ek hom/haar nie ook salf met olie nie. Vandag as ek terugkyk moet ek erken dat daar meer genesings plaasgevind het wanneer ek siekes met olie gesalf het.

Met 'n Sending uitreiking na Kiev in Ukraine, het my vrou en ek 'n diens bygewoon waar daar 7000 mense teenwoordig was. Dit was treffend om daardie oggend te sien dat bykans almal 'n salfbotteltjie in die hand gehad het. Op versoek van hul pastoor het hulle dit in die lug gehou en beloof om die volgende week mense in die stad te salf, in die Naam van die Here! Natuurlik was my vraag: *"Is dit nie net ouderlinge wat mag salf nie?"*
God moes tevrede gewees het met wat daardie gemeente gedoen het, want ons het persoonlike kennis wat die Here gedoen het omdat hulle op hierdie wyse gebid het vir hulle wat in nood is in hul stad. Daardie tyd het my vrou en ek vir drie maande in Kiev gewoon.
Wat ookal jou filosofie is rakende "die salf met olie" wil ek vra dat jy weer met aandag alles in die Bybel sal lees rakende hierdie wonderlike waarheid. My oproep is dat jy sal waag om iemand wat siek is te salf met olie wanneer jy genesing bid.
Dit is my voorreg om baie keer my vrou te salf met olie wanneer sy siek is.

Indien jy siek is – soek gerus iemand wat jou kan salf met olie!

**Begeertes**

**Psalm 20:6** *"Mag die Here al u begeertes vervul!"*
**Filippense 4:6** *"Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God."*

Natuurlik is daar dinge wat ons nie mag begeer nie. Ons dink aan wat God gesê het in Ex. 20:17 dat ons nie ons naaste se huis of sy vrou mag begeer nie, of enige iets wat aan hom behoort nie. Tog verduidelik ek: Jy mag wel 'n huis begeer soos jou naaste of selfs 'n motor soos wat hy het.

Wat wonderlik in albei ons Skrifgedeeltes is, is dat ons wel mag begeer. Dink weer aan Psalm 37:4 *"...en verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."*
(Dit meen jy moet jouself geniet in die Here – <u>Engels</u>: "Delight yourself in the Lord")
Ek weet nie wat jou begeertes vandag is nie, maar ek kan vir jou met groot oortuiging sê dat God gee sonder om te verwyt. (Jak. 1:5) Al het jy verkeerd opgetree met jou finansies, kan jy verskoning vra en vind dat God jou nie sal verwyt nie. Al het jy nie in die eerste plek na God gegaan vir jou genesing nie. Ja, al het jy nie 100% gegee in jou studies nie. God se geaardheid is so dat Hy vergewe en verwyt nie.

Begeer jy dat die Here vir jou finansieël sal voorsien? Miskien begeer jy 'n lewensmaat?
Moontlik begeer jy dat die Here jou in jou gees sal herstel en die teleurstelling (wat so seer maak) sal wegneem sodat jy weer vreugde kan onderving? Begeer gerus wat jy nodig het, van die Here.

Mag jy ondervind wat Jabes ondervind het, naamlik:
*"En God het laat kom wat hy begeer het."* (1 Kron. 4:10)

## "En toe hulle gebid het"

**Handeling 4:31** *"En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek."*

Die verhaal vooraf gaan oor die kreupel man wat by die Skone Poort genees is. Petrus moes voor die Joodse Raad verduidelik wat gebeur het. Hulle was toe belet om die Naam van Jesus te verkondig. Die gemeente in Jerusalem het toe ernstig tot God gebid en ons teks som op wat gebeur het.

<u>Dank God vir die krag van gebed</u>. Elke herlewing kan terug gelei word na 'n knielende figuur. Iemand het dit eenmaal soos volg saamgevat: *"The Church is looking for better methods; God is looking for better men; The Holy Spirit does not flow through methods, but through men; The Spirit does not come on machinary, but men. God does not annoint plans, but men – Men of Prayer"*

<u>Wat het gebeur in Jerusalem toe die gemeente gebid het?</u>
Daar het 'n skudding plaasgevind; hulle is almal vervul met God se Gees; hulle het vrymoedigheid ontvang om kragtiger te getuig; hulle het in 'n eenheid gekom; sonde is onder hulle geopenbaar; tekens en wonders het plaasgevind en nuwe gelowiges is bygevoeg. (Lees Handelinge 4 en 5)

Ek is oortuig dieselfde sal weer vandag gebeur as jy en ek ernstiger tot God sal bid.
Bid dat God ons land sal "skud" asook jou werkplek en skool.
Bid vir meer vrymoedigheid vir jouself om God se Woord met hulle in nood te deel.

# Gebruik jou Potensiaal

**Genesis 1:28** *"...God het vir hulle (die mens) gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."*

Hierdie is een van die belangrikste tekse in die hele Bybel. God het potensiaal in ons ingebou om te heers en om vrugbaar te wees. Die vraag is: Waarvan praat ons as ons praat van "Potensiaal"? Potensiaal is wat in jou is wat nog na vore moet kom. Dit is daardie lied en boek wat in jou is wat jy nog moet skryf. Praat nie eers van daardie skildery nie. Dit is die uitvindsel wat in jou is wat 'n groot verskil in die samelewing sal maak, en wat jou persoonlike leefwyse totaal sal verander. As 'n jong student "Facebook" kon uitvind, wil ek weet watter potensiaal daar in jou is?
Terwyl ek met jou praat voel jy miskien soos Gideon wat homself as arm en baie gering geag het. God het die potensiaal in Gideon gesien as 'n magtige krygsman, en hom gebruik.

Gen. 1:28 was nie net bedoel vir Adam in die tuin van Eeden nie, maar vir die hele mensdom.
Afgesien dat ons vrugbaar moet wees en moet vermeerder, gee God ons die mag om te heers en sluit sommer die visse, die voëls en al die diere in. God het ons geweldig baie mag gegee. In Lukas 10:19 sê Jesus: *"Kyk, Ek gee aan julle die mag...oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie."* As jy maar net kon besef watter mag en gesag Jesus aan jou gegee het as Sy kind, weet ek dat jy met groter vrymoedigheid sal optree om jou stand te neem teen enige aanval van die siele vyand. Voorwaar, jy is meer as oorwinnaar.

Daar is meer potensiaal in jou as wat jy gedink het.
Jou potensiaal is nie beperk nie.
God het outoriteit in jou geplaas – tree op asof jy dit glo!

## Wil jy diensbaar wees vir God?

**Eségiël 2:1** *"En Hy het vir my gesê: Mensekind, staan op jou voete, dat Ek met jou kan spreek."*

Hierdie "Dagstukkie" is hoofsaaklik vir hulle wat uitroep:
*"Here, hier is ek, gebruik my!"*

Die eerste wat jy moet weet is dat die Here jou alleenlik kan gebruik as jy in jouself sal "opstaan" Ek weet nie wat jy innerlik ondervind nie? Ek weet ook nie watter teleurstellings en seer daar in jou hart is nie? Ek weet ook nie of jy voel dat jy beroof is van dinge nie? Maar dit weet ek, dat indien jy diensbaar vir die Here wil wees moet jy opstaan in jou gees.
Jy sal dit kan doen as jy die verkeerde verlede kan vergeet en ook as jy jou posisie in Christus kan ontdek wat duidelik uitgespel word in Efesiërs 1. (Maak 'n studie van dié hoofstuk)
As jy in jou gees opstaan, sal met jou gebeur wat met Esegiël gebeur het: *"En die Gees het in my gekom sodra Hy met my gespreek het en my op my voete laat staan..."* (Eseg. 2:2)
In Hand. 1:8 lees ons dat ons krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor ons sal kom. Die woord "krag" kom van die Griekse woord "dinamus" en beteken "inwonende krag"
Dank God, jy het blywende krag in jou!
Verder kan jy alleenlik met sukses diensbaar wees vir die Here indien jy tyd maak om jou Bybel te lees. Dit moet ook in jou mond word *"soos heuning so soet"* (Eség. 3:1-3) Hoe meer jy Bybel lees hoe "soeter" word dit vir jou. Jeremia kon uitroep:
*"Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart..."* Jer. 15:16
En dan natuurlik sal jy nooit met sukses diensbaar kan wees vir die Here as jy kleinserig is nie. Ons lees die volgende van Eségiël: *"Kyk, Ek maak jou aangesig hard...Jou voorhoof maak Ek hard soos 'n diamant, harder as 'n rots..."* (Eség. 3:8,9)
Die Here wil jou voorkop hard maak teen alle kritiek.

Meld jouself by die Here aan vir diens.
Staan op in jou gees en "eet en geniet" Sy woord.

# Vrees

**Psalm 27:1** *"Die Here is my lig en my heil;*
*vir wie sou ek vrees?"*

Vrees is seker ons grootste vyand. Die wat gesond is vrees dat hulle siek gaan word. Baie vrees dat die siekte wat hul nou ervaar hulle dood sal maak. Jongmense vrees dat hulle nooit sal kan trou en kinders hê nie. Talle vrees dat hulle eendag 'n las vir hul kinders sal wees.

<u>Wat ek ontdek het oor vrees is:</u>

- Die meeste dinge wat ons vrees sal in elk geval nooit gebeur nie.
- Daar is iets is soos gewone vrees. Soos bv. dat jy uit die pad sal spring voor 'n aankomende vragmotor om jou lewe te red, omdat jy vrees wat met jou kan gebeur.
- Daar is 'n vrees wat jy benoud maak dat jy soms nie kan slaap nie, en dat hierdie soort vrees van die duiwel is.
- Dat indien ek God vrees sal Hy my beskerm soos wat geskrywe staan in Psalm 34:8 naamlik: *"Die Engel van die Here trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."* 'n Prediker het eenmaal gesê dat hy nie eers meer die Here vra om hom te beskerm nie. Al wat hy doen is om God te vrees (respek vir God te hê) dan weet hy dat die Here hom sal beskerm. Vir my was dit 'n treffende woord toe ek dit hoor.

God het jou nie 'n gees van vrees gegee nie, maar van liefde, krag en selfbeheersing. (2 Tim. 1:7)
As God se kind is ons altyd aan die wenkant.

# Wees dood vir sonde

**Romeine 6:11** *"So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here."*

Die rede waarom ons nie geestelik kan groei nie, is omdat ons nie in onsself kan sterf nie.
Jou grootste vyand is nie die duiwel nie, maar jyself. Ja, "die ek" in my moet sterf. Paulus skryf in Gal. 2:20 *"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my."* En in 1 Kor. 15:3 roep hy uit: *"Ek sterf dag vir dag..."* Dan skryf hy ons teks aan die Romeinse Christene en vra hulle om dood te wees vir die sonde.

Die vraag is nou, hoe sal ek weet dat ek dood is vir sonde? Dit werk soos volg: Indien jy 'n dooie mens sou steek met 'n skerp voorwerp sal dit gladnie reageer nie, omdat dit dood is. As jy dus "dood is" vir sonde sal selfs negatiewe kritiek jou geensins ontstel nie. Jy sal dinge sien en hoor van kwaaddoeners, maar dit sal geen uitwerking op jou hê nie, omdat jy geestelik dood is. Jou fokus is om vir die Here te leef en Hom te behaag.

<u>Die vertaling wat Die Boodskap gee in Rom. 6:12,13 stel dit duidelik:</u> *"Moenie toelaat dat die sonde en sondige begeertes ooit weer 'n houvas op julle kry terwyl julle nog hier op aarde leef nie. Moenie dat 'n enkele liggaamsdeel van julle ooit in diens van die sonde staan nie. Nee, gee julle lewens vir God, van kop tot tone..."* Een liggaamsdeel wat vir die sonde moet dood wees is jou tong.

As jy geestelike in jouself kon sterf, sal jy baie meer vrugbaar wees vir God.
Sonde sal ook nie oor jou kan heers nie. (Rom. 6:14)

# Jy het 'n vriend nodig

**1 Konings 4:5** *"...en Sabud, die seun van Natan, 'n priester, was die vriend van die koning."*

Koning Salomo het verskillende hoofamptenare gehad soos: Priesters; Skrywers; 'n Kanselier asook 'n dapper vegsman as hoof van sy leër; daarby was daar iemand as hoof oor al sy bestuurders.
Salomo is bekend as die mees wyse man wat nog ooit geleef het. (1 Kon. 4:29,30) Hy het ook 3000 spreuke uitgespreek en 1005 liedere gekomponeer. (1 Kon. 4:32)
Tog het Salomo 'n vriend, Sabud die priester, nodig gehad!

Indien Salomo 'n vriend nodig gehad het is ek van mening jy en ek het ook een nodig.
Nie net 'n vriend wat jou klop op jou skouer nie. En tog is dit ook nodig. Maar 'n vriend wat jou direk sal vermaan as jy 'n verkeerde rigting inslaan.
Ons het ook 'n vriend nodig wat ons sal help om dit wat hier diep in ons verborge is na vore te laat kom. Soos wat ons lees in Spreuke 20:5 (Die Lewende Bybel) *"'n Mens se gedagtes lê diep – soos die water onder in 'n put. Maar iemand wat verstandig is, kan 'n ander se gedagtes na die oppervlakte bring."* Die Boodskap voeg die volgende by in Spreuke 20:6 *"Egte vriendskap is skaars. Baie sê hulle is jou vriend, maar min sal jou deur dik en dun ondersteun."*
Dit is vir hierdie rede dat jy en ek 'n verstandige vriend nodig het om ons te ondersteun.

Mike Murdoch het gesê:

*"Your greatest <u>enemy</u> is the person who feeds your doubt"*
*"Your greatest <u>friend</u> is the one that breathes life into your faith"*

## **Al het ek geval**

**Miga 7:8** *"...Al het ek geval, ek staan weer op; al sit ek in duisternis, die Here is 'n lig vir my."*

Moet nooit jouself verheug as iemand geval het nie, omdat die Bybel sê in 1 Kor. 10:12 *"Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie."* En in Spr. 24:17 *"As jou vyand val, verheug jou nie; en as hy struikel, laat jou hart nie juig nie."* Ons moet ons bes doen om nie te val nie, maar indien jy val erken dit en staan weer op.

Die gemeente van Efese het "geval" toe hulle hul eerste liefde verlaat het. Hoor wat sê die Here vir hulle in Open. 2:4,5:
*"Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke."*
Dink hoe Efese ontstaan het (Hand. 19) en hoe die hele Asië deur hulle God se Woord gehoor het. Efese het in twee jaar die hele Asië bereik met die Woord van die Here. (Volgens wat ons lees in Hand. 19:10) Het jy baie vir God bereik, maar voel nou jy het teleurgestel?
Enige mens kan in hierdie lewe val, maar die geheim is om weer op te staan. Dink aan 'n kind wat leer loop – hoeveel keer so'n kind val, maar tog weer opstaan.
Dawid het ook geval toe hy sonde gedoen het. Dank God, volgens Psalm 51, het hy opgestaan.
Simson het ook geval, maar uitgeroep in Rigters 16:28: *"Here, Here, dink tog aan my, en versterk my tog net hierdie keer, o God..."* God sal ook aan jou dink as jy Hom aanroep.

Vroeër jare het ons 'n lied gesing: *"Oh forgive me Lord and try me one more time. I am Thine dear Lord and Thou art mine. Though I've fallen though I've sinned, let me rise and try again. Oh forgive me Lord and try me one more time."*
Dra hierdie boodskap oor aan iemand wat geval het!

# Hou moed en gee moed

**Handelinge 27:22** *"Maar nou vermaan ek julle om moed te hou..."*

Moed beteken *"Dapperheid, onverskrokkenheid in gevaar of in moeilikheid"* (HAT Woordeboek)
*"Courage is the quality shown by someone who decides to do something difficult or dangerous, even though they may be afraid"* (Collins Dictionary)

Paulus was op 'n boot wat besig was om uitmekaar te breek. Daar was paniek en baie vrees. Dit is toe dat hy as kind van God opgestaan het en uitgeroep het dat God aan hom verskyn het en hom verseker het dat almal die storm sal oorleef. God se woord deur die engel aan Paulus was: *"God het aan jou geskenk almal wat saam met jou vaar"* (Hand. 27:24) Daarom kon hy almal op die boot vermaan om moed te hou, want hy het moed gehad.

Moet nooit vergeet dat God met jou is en dat Hy 'n waarmaker van Sy Woord is nie. Moet ook nooit vergeet dat jy sterker aan die binnekant is as aan die buitekant nie. Gryp vandag weer opnuut vas aan die belofte in Jesaja 54:17 *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, <u>sal niks uitrig</u> <u>nie</u>; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê."* Die duiwel sal 'n wapen teen jou probeer, maar dit sal niks kan uitrig nie. Loof die Here daarvoor.

Hierdie lewe is soos 'n groot oseaan, en daar is baie storms wat ons en ander wil oorweldig.
Jy is waar jy jou tans bevind om mense moed te gee.
My boodskap vandag aan jou is: "Hou moed en gee moed"
Jy kan dit alleenlik gee as jy dit het!

## As jy kan glo

**Markus 9:23** *"Wat dit betref – as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo."*

Ons verhaal gaan oor die seun wat stuiptrekkings gekry het en op die grond geval het met skuim wat uit sy mond gekom het. Soms het die gees wat in hom gewerk het, hom ook in die vuur en water gegooi om hom dood te maak. (verse 20,21) Jesus het die bose gees uitgedryf en die seun gesond gemaak. Al wat die vader moes doen, was om te glo. Dit is tog nie moeilik nie?

God het dit so belangrik geag om ons te leer wat geloof is dat daar 'n hele hoofstuk daaroor in die Bybel is, naamlik Hebreërs hoofstuk 11. Dit word ook die "Geloofs-hoofstuk" genoem. Hebreërs 11:1 open met: *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."* Die Lewende Bybel vertaal dit soos volg: *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is."*
Die wêreld bekende evangelis, Reinhardt Bonnke, het gesê dat as jy die Here vertrou vir 'n karavaan kan jy maar begin om die afdak te bou.

Miskien voel jy dat jou geloof "klein" is? Toe die groot brug oor die Niagara watervalle tussen Amerika en Kanada gebou is, het die Ingenieurs eers 'n vlieër met garing oorgestuur wat gekoppel was aan lyn; wat weer gekoppel was aan tou en uiteindelik aan 'n kabel. Vandag is daar 'n sterk brug wat groot lokomotiewe kan dra. Begin dus om jou "klein" geloof te gebruik en hoe meer jy God vertrou sal jou geloof groei en sterkter word in die Here. Dit kan ek waarborg.

Ek weet nie waarvoor jy vandag wil glo nie?
As jy kan glo – alle dinge is moontlik vir die een wat glo.

## Waarom Gawes?

**1 Petrus 4:10** *"Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God."*

Die Lewende Bybel vertaal dit: *"God het vir elkeen van julle besondere bekwaamhede gegee. Julle moet dit gebruik om mekaar te help, want dan werk julle reg met die verskillende soorte vermoëns wat God julle gegee het."*

God het aan jou en my gawes (vermoëns) gegee sodat ons daarmee ander mense kan bedien. Dit word genoem *"genadegawes"* en dit is presies wat dit is. Ons verdien niks daarvan nie want God het dit gegee uit Sy groot genade. Dit is nie 'n versiering soos blomme aan 'n boom nie, maar dit is soos vrugte aan 'n boom wat nie deur die boom geniet word nie, maar deur ander.

God se gawes neem Hy nie sommer weg nie. *"Want as God mense geroep het en dinge aan hulle gegee het, dan trek Hy dit nie weer terug nie."* (Rom. 11:29 – Die Lewende Bybel)

Hou op om te glo dat jy gesondig het teen die Heilige Gees.

Ons lees in die Bybel van baie gawes wat die Here gegee het. Die plekke om daarvan te lees is in 1 Korinthiërs 12 en ook in Romeine 12. (Neem tyd om dit te lees)

My persoonlike weergawe van Romeine 12:6-8. "As God jou die gawe gegee het om namens Hom met mense te praat, doen 'n goeie werk daarvan. As God jou wil gebruik om te preek, moet jy seker maak dat jou boodskappe kragtig sal wees om mense te help in hul nood. As God jou 'n gawe gegee het om mense te bedien, gee jou beste vir hulle. As God jou met finansies geseën het, wees vrygewig om ander wat swaar kry te help. As God jou administratief wil gebruik en jou as leier oor ander aangestel het, neem jou verantwoordelikheid ernstig. As jy 'n bemoediger is, moet jy dit met vreugde doen."

Jy hoef nie soseer te bid vir 'n gawe nie, jy het dit.
Besluit om dit te gebruik om ander te dien.

**Moeilikhede moet jou nie plat druk nie**

**2 Korinthiërs 4:8** *"Van alle kante af sak moeilikhede op my toe, maar hulle druk my nie plat nie. Ek verstaan nie altyd waarom dinge gebeur nie, maar dit maak my nie moedeloos nie."* (Die Lewende Bybel)
The Amplified Bible: *"We are...troubled and oppressed in every way; but not cramped or crushed;...and unable to find a way out, but not driven to despair."*

Sondag die 11de November 2012 het 'n verwoestende brand St. Francisbaai in die Oos Kaap getref, toe meer as 78 huise totaal afgebrand het. Selfs die pragtige motors en bote wat in hul motorhuise was. Huise van tussen R3 miljoen en R18 miljoen, was in puin.
Ek het die volgende dag fotos gaan neem en was diep geskok deur die geweldige ramp. Wat maak jy as al jou fotos, jou dokumente, jou meubels, duur skilderye, rekenaars, kinders se speelgoed, al jou sport toerusting, en veel meer net nie meer bestaan nie?
Hoe tree jy as kind van God op as bogenoemde met jou gebeur?

Paulus se woorde in ons Skrifgedeelte is sekerlik 'n antwoord. Wanneer moeilikhede op ons toesak, sal God ons krag gee dat ons nie totaal vernietig sal word nie. Ons sal nooit altyd weet waarom sekere dinge met ons gebeur nie, maar deur die genade wat die Here gee sal ons nie ons geloof in Hom verloor nie en sal ons nie moedeloosheid toelaat nie. Vir hierdie rede glo ek dat hulle wat so baie verloor het in St. Francis weer sal opstaan met 'n getuienis hoedat die Here vir hulle voorsien het en dat Rom. 8:28 vir hulle 'n werklikheid geword het.

Wat ookal jou omstandighede is, weet dit dat God 'n beloner is van die wat Hom soek. (Heb. 11:6)

## Inwonende krag

**Handelinge 1:8** *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot aan die uithoeke van die wêreld."*

Het jy geweet dat die Heilige Gees "intiem" in ons wil woon? Die woord *"krag"* wat hier gebruik word, kom van die Griekse woord *"dunamis"* wat beteken *"inwonende krag"* M.a.w. dit is nie krag wat net nou en dan oor ons kom of in ons is nie, maar dit is krag wat permanent in ons woon. Is dit nie wonderlik nie? Die Heilige Gees is vir alle gelowiges is. In Lukas 11:13 sê Jesus *"As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"*

By jou bekering was dit die Heilige Gees wat jou oortuig het van jou sondes (Joh. 16:8) en dit is die Heilige Gees wat getuig met jou gees dat jy God se kind is (Rom. 8:16) Maar Hy begeer om in jou te kom woon. Ek vergelyk dit altyd met die Nylrivier in Egipteland. Die Nyl is altyd daar, tog is daar sekere tye van die jaar dat die Nyl oorstoot oor sy walle. In hierdie oorstoot gedeeltes plant die Egiptenaars. By bekering het jy die Heilige Gees maar wanneer die Heilige Gees jou vul met Homself maak Hy jou vrugbaar vir God se koninkryk.

As ons ooit God se Gees nodig gehad het in ons gebedslewe, dan is dit in hierdie tyd.

<u>Die Boodskap vertaal Rom. 8:26 so besonders</u>: *"Intussen het God sy Gees aan ons gegee om ons in ons swakhede te help. Ons grootste swakheid is dat ons nie aldag weet wat ons moet bid nie. Maar in sulke tye bid die Gees self vir ons. Hy vertaal al ons swaarkry in hemelse taal. Hy gaan sug en kla namens ons daar by God..."*

Vra die Heilige Gees om daardie "inwonende krag" in jou te wees en wees dan Sy getuienis om almal om jou te bemoedig!

## Wie mag offer aan God?

**Levitikus 21:16,17** *"Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: Spreek met Aäron en sê: Niemand uit jou nakomelinge, in hulle geslagte, aan wie 'n liggaamsgebrek is, mag nader kom om die spys van sy God te offer nie."*

Ek weet dit gaan oor offers in die Ou Testament. Maar in hierdie Skrifgedeelte is daar beginsels wat nie verander wanneer dit gaan om aan die Here te offer nie. My Dagstukkie vandag sal "Allegories" aan jou oorgedra word.

In Levitikus 12 word 12 liggaamlike gebreke genoem wat Priesters ongeskik verklaar het om aan die Here offers te bring. Ons leef nie onder die wet nie, tog wil ek die geestelike waardes wat ons hier vind, vandag met jou deel.

Sekere beginsels wat gegeld het vir die Priesters in die Ou Testament, geld vandag vir ons, soos:
*"Iemand by wie 'n liggaamsdeel te lank is"* Een ding wat vandag baie skade doen in enige gemeente is dat baie se tonge te lank is! Hoe kan iemand wat kwaad praat aan God offers bring?
*"Iemand wat uitgeteer is"* (Die Engelse Bybel praat van 'n dwerg) Daar is teveel "dwergies" in die kerk. Alles moet spesiaal vir hulle aangepas word want die normale pas hulle nie.
*"Iemand met 'n vlek in die oog"* Dit is hulle in die gemeente wat alles gedurig negatief kritiseer.
*"Iemand met 'n skurfte of uitslag"* Indien jy nie gesonde kos eet nie maar net op lekkernye wil leef is 'n uitslag jou voorland. Kleinserige mense gaan beswaarlik offers aan die Here kan bring.

Toets jouself of jy wel kwalifiseer om 'n ware aanbidder te wees en moenie jouself diskwalifiseer nie.

## Die krag van meegevoel

**Matthéüs 9:36** *"En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie."*

Die Boodskap: *"Jesus het na al hierdie mense om Hom gekyk. Hulle het vir Hom gelyk soos skape wat sonder 'n herder ronddwaal. Dit was of hulle nie meer krag oorgehad het om aan te gaan nie en sommer net daar wou bly lê. Daarom wou Jesus hulle regtig graag help."*

Daar is een gawe wat vandag kortkom en dit is: 'die gawe van raaksien'. As ons maar net die nood om ons kan raaksien, dan sal met ons gebeur soos wat ons lees in ons Skrifgedeelte naamlik, dat toe Jesus die mense in hul nood 'raaksien', wou Hy hulle graag help.
Farao se dogter het Moses in die mandjie gesien huil en die Bybel sê *"...en sy het hom jammer gekry."* (Ex. 2:6) Omdat sy hom jammer gekry het, het sy die toekomste leier van Israel gered van 'n gewisse dood. Jare later was Moses God se instrument om Israel te bevry van 430 jaar se slawediens.
Die krag van meegevoel sal jou instaat stel om 'n toekomstige leier raak te sien sodat God daardie persoon kan gebruik.
Die prediker het die dronkaard in die pad sien slinger en uitgeroep: *"Daar loop ek as dit nie God se genade was nie."* Dit noem ons meegevoel en nie veroordeling nie!
Daar was 'n prediker in Eppingtuindorp naby Kaapstad, wat sterwend was aan asma. Iemand wat self baie siek was aan asma, het meegevoel gehad om vir hom te bid. Onmiddelik het God die prediker genees. Ek kan getuig van hierdie gebeurtenis aangesien ek die prediker persoonlik geken het.

*"O Here, gee my meegevoel sodat ek die swaarkry en nood van ander kan raaksien. Ek moet opnuut besef dat as dit nie U genade was nie, kon dit ek gewees het. Help my Here, om nie te veroordeel nie, maar om lief te hê."*

# Moeilikhede toets ons geloof

**Jakobus 1:2,3** *"My liewe mede-Christene, wees opgewonde as julle geloof by elke geleentheid getoets word. Julle weet mos hoe goed dit vir julle geestelike lewe kan wees. Die slegte dinge wat met julle gebeur, toets of julle werklik die Here vertrou. As dit met julle sleg gaan, leer julle juis om nader aan die Here te leef."* (Die Boodskap)
The Living Bible: *"Dear brothers, is your life full of difficulties and temptations? Then be happy, for when the way is rough, your patience has a chance to grow."*

Die skrywer is Jakobus, die broer van Jesus, wat ook die hoofleier was van die Jerusalem gemeente. Hierdie gemeente het ontstaan op Pinksterdag toe 3000 tot bekering gekom het. Geskiedskrywers beweer dat die gemeente gegroei het tot meer as 'n 100,000 lidmate. Ek kan dit verstaan as ek die duisende bymekaar tel in die eerste sewe hoofstukke van Handelinge. (Maak gerus 'n studie daarvan)
Jakobus se skrywe is om God se mense te bemoedig.

Wanneer slegte tye oor ons kom moet ons nader aan God beweeg en nie wegdryf van Hom nie. Jakobus moedig ons aan om selfs bly en opgewonde te wees wanneer ons geloof getoets te word. (Ou Vert. vers 3) *"omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid (geduld) bewerk."* Wanneer moeilike tye jou oorval moet jy toelaat dat geduld in jou sal groei. Iemand het dit soos volg gestel: *"We can't really know the depth of our character until we see how we react under pressure. It is easy to be kind when everything is going well, but can we still be kind when others are treating us unfairly?"*

Jou geloof gaan getoets word.
Die slegte dinge wat moet jou gebeur, sal toets of jy glo.
Gelukkig sal Sy krag in jou swakheid volbring word!

**Hoe belangrik is besluite?**

**Deuteronomium 30:19** *"Vandag gee ek vir julle die keuse: kies tussen lewe en dood. Kies of julle wil hê dat dit voorspoedig met julle moet gaan, en of julle wil hê teëspoed moet al agter julle aantrek...Ag, mag julle tog maar die lewe kies! Dan wag daar 'n wonderlike toekoms vir julle en vir julle kinders en kleinkinders."*
(Die Boodskap)

Jy kan vandag 'n besluit neem of jy voorspoedig wil wees. Besluit om die lewe kies. Die besluite wat jy en ek neem kan selfs ons nageslag raak. Moses was ernstig toe hy Israel voor hierdie keuse daardie dag in die woestyn gebring het.

Die goeie ding van 'n besluit is as jy die regte besluit neem; die slegte ding van 'n besluit is as jy die verkeerde besluit neem; maar die ergste is, as jy geen besluit geneem het nie!
Daagliks neem ons sekere besluite. Wat ek egter ontdek het in my lewe is dat die eerste gedagte wat na my kom gewoonlik die regte een was. Iemand het dit so gestel: *"95% van die wil van die Here is bokant jou skouers (m.a.w. in jou kop)"*

Toe Elia moedeloos was onder 'n besembos, nadat hy 'n groot oorwinning op Karmel behaal het, het hy begeer om te sterf. Ons lees daarvan in 1 Kon. 19. Hy het nie besef dat God nog 'n groot werk vir hom gehad het om te doen nie. God het 'n plan met jou lewe, moenie verkeerde besluite neem nie!
In die gevangenes was Johannes die doper moedeloos en het hy getwyfel of Jesus die Messias was. Ons lees dat hy twee van sy dissipels na Jesus gestuur het om hieroor navrae te doen. Moedeloosheid sal jou en my laat twyfel aan die waarhede in God se woord.

Besluite moet jy neem, maar neem nooit 'n besluit as jy nie vrede in jou hart het nie.
En asb., moet nooit 'n besluit in moedeloosheid neem nie.

## Erken jou roeping

**1 Korinthiërs 7:20** *"Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is."*

Ek ontmoet baie Christene wat onseker is oor hulle roeping. Jou roeping op aarde is om dit wat in jou 'n passie is uit te leef, om sodoende 'n verskil in hierdie lewe te maak.
As God jou eenkeer geroep het vir 'n taak, en jy doen dit nie, sal jy ondervind dat wanneer God jou weer roep, Hy jou presies dieselfde taak en opdrag gee om uit te voer.
Dit is presies wat met Jona gebeur het. God het hom na Nineve geroep, maar hy het probeer wegvlug van die roeping. Maar toe God hom *"'n tweede maal"* geroep het, was die opdrag dieselfde. (Jona 3:1,2)
Jy sal alleenlik sukses hê in jou roeping as daar 'n passie in jou hart is om dit te doen waarvoor God jou geroep het. (Lees wat sê Paulus hieroor in Hand. 20:24)
Jou roeping mag verkeerd verstaan word deur jou familie en vriende soos wat Josef se familie nie sy roeping (en sy drome) verstaan het nie. Moenie die fout maak soos hy en jou roeping te vroeg bekend maak of bespreek met die verkeerde mense nie. Ja, moenie jou roeping met almal deel nie.
Nehemia sê in Neh. 2:12 *"...ek het aan geen mens meegedeel wat my God in my hart gegee het om vir Jerusalem te doen nie..."* Lees gerus hoe Nehemia opgetree het in Neh. 2:10-16.
Wees voorbereid op een ding, en dit is, dat jou roeping altyd vyande sal hê. Maar dank God, jou vyande sal van jou 'n kampioen maak. Iemand het dit so gestel: *"Enemies turn nobodies into somebodies"* Goliat het van Dawid 'n kampioen gemaak. Vergeet hierdie stelling nooit!

Erken teenoor jouself waarvoor God jou geroep het. Alleen dan sal jy met sukses jou roeping kan uitleef. Moenie bekommerd wees nie, want as God jou vir iets geroep het sal Hy voorsien.

**Wandel deur die Gees**

**Galasiërs 5:16** *"Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie."*
Die Boodskap: *"Julle moet julle lewe deur die Heilige Gees laat beheer. Laat Hy aan die stuur staan van alles wat julle dink en doen en sê. Dan sal die sonde julle nooit onderkry nie."*

Wil jy graag vleeslike aanvalle; daaglikse druk en onverwagte woede oorwin? Die antwoord hierop is om deur die Gees te wandel. Soos wat Die Boodskap dit so duidelik stel: *"Laat Hy (Die Gees) aan die stuur staan van alles wat julle dink en doen en sê."* Gee dus die "stuurwiel" van jou lewe in God se hande! Daar is 'n koortjie: *"Let go and let God have His wonderful way."* As die "eie-ek" te sterk is en jy wil in beheer bly van jou lewe sal jy nie kan oorwin nie.
In Gal.5:22 vertel Paulus ons wat dit beteken om in die Gees te wandel.*"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing."*
Mense wat wandel deur die Gees is mense wat ware liefde in hul harte het. Hulle is gelukkige mense en het vrede omdat daar nie verbittering en verwyte in hulle is nie. Hulle weet wat dit is om geduldig te wees en vriendelikheid is iets natuurliks by hulle. Hulle het geleer om teenoor ander verdraagsaam te wees en jy kan altyd staatmaak op hul woord. Een ding wat hulle goed kan doen is om hul mond te beheer.

*"Mense wat toelaat dat die sonde oor hulle lewens baasspeel, se koppe is heeltyd besig met die sonde. Maar mense wat toelaat dat die Gees hulle lewens beheer, se koppe is heeltyd besig met dinge wat vir die Gees belangrik is."*
(Romeine 8:5 – Die Boodskap)
Maak opnuut 'n besluit om deur die Gees te wandel.

## Balans tussen Vrug en Gawes

**1 Korinthiërs 14:1** *"Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes."*

In 1 Kor. 13 praat Paulus van die mees uitstaande "vrug" wat ons moet hê, en dit is "liefde" En in 1 Kor. 14 verduidelik hy aan ons oor hoe die "gawes" moet funksioneer in 'n gemeente. Dank God vir die perfekte balans tussen die gawes van die Heilige Gees en die vrug van die Gees. Dit laat my dink aan die hoëpriester se kleed. Aan die soom was materiaal granaatjies asook werklike klokkies. (Ex. 28:31-35)
Die hoëpriester het veral hierdie kleed gedra wanneer hy een maal 'n jaar versoening vir Israel se sondes gedoen het deur bloed te sprinkel by en oor die verbondsark in die tempel.
Die "granaatjies" was simbolies van die "vrug van die Gees" en die "klokkies" was simbolies van die "gawes van die Gees" Maar die vraag is: Waarom klokkies? Dit het 'n geluid gemaak terwyl die hoëpriester besig was om versoening te doen vir Israel se sondes. Sodra die klokkies nie meer hoorbaar was nie, het die priesters geweet dat God nie die offer van versoening aanvaar het nie en dat die hoëpriester gesterf het! Gemeentes waar God se gawes nie meer "hoorbaar" is nie, spreek tot ons van geestelike dood.
Kom, ek en jy laat toe dat God se gawes deur ons werk. Die gawes wat die Here vir jou gegee het is om ander te dien (1 Pet. 4:10) Maar ons soek nie net Sy gawes in ons lewens nie maar ook dat Sy vrug, soos wat ons lees in Gal. 5:22, vir ander 'n seën sal wees.
Maak vir jouself 'n studie en skryf die gawes van die Heilige Gees (1 Kor. 12:8-10) aan die linkerkant van 'n bladsy en teenoor dit die vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22) Jy sal die perfekte balans sien wat daar is tussen hierdie twee.

God wil ons gebruik om balans te bring waar ons aanbid.
God se gawes moet deur ons werk maar die vrug wat ons vind in Gal. 5:22 moet ook in ons lewens wees.

# Volg jy My

**Johannes 21:22** *"Jesus antwoord hom (Petrus) As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My"*

Nadat Petrus gesweer het dat hy Jesus nooit sal verloën nie, en dit tog gedoen het, hoor hy: *"Volg jy my"* Jesus se woorde loop oor van genade. Geen wonder dat Dawid dit so treffend kon stel in Psalm 103:10 *"Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie."*
Toe Petrus hierdie boodskap hoor van *"Volg jy My"* het hy gesê: *"Maar Here, wat van hom"* Hy het verwys na Johannes, wat volgens hom, 'n beter dissipel was as hy.
Moenie sê: "Here, ek sal u volg, maar ek moet eers myself verbeter voordat ek dit kan doen."
Moenie jou eie redder probeer wees nie, maar aanvaar wat jy in Christus is, en jy sal oorwin!
Ander sê: "Here, ek sal u volg, maar ek sal nie volhard nie."
Jy het niks te vrees nie want Jesus verklaar in Joh. 10:28 dat niemand ons uit Sy hand sal ruk nie. Glo hierdie belofte.
Iemand ander sê weer: "Here, ek sal u volg, maar dit is te swaar om u wil te doen." Terwyl die Bybel ons leer: *"Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar, en Sy gebooie is nie swaar nie."* Inteendeel, die duiwel s'n is swaar en hard!
Ek het al baie gehoor: "Here, ek sal u volg, maar my familie en vriende sal teen my draai." Dit mag waar wees, want ons lees in 2 Tim. 3:12 *"En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word."* Dank die God vir Joh. 16:33.

Terwyl 'n prediker die Woord verkondig, roep 'n man uit: *"Prediker, julle sê die Here doen so baie vir Sy kinders. Wat het Hy gedoen vir Stefanus terwyl die mense hom gestenig het?"* Sy antwoord was: *"Genade om vir sy vyande te bid."*

Die boodskap is baie duidelik en eenvoudig: *"Volg jy My."*

## **"Here, leer ons bid."**

**Lukas 11:1** *"En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê Sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid."*

Jare gelede het ek 'n groot les geleer terwyl ek gekyk het na 'n bak met vissies. Kort-kort het 'n vissie opgekom om suurstof te kry. Net daar het die Here vir my gesê dat gebed suurstof vir ons siel is. Net soos die vissie gedurig moet opkom na die water oppervlak om suurstof te kry, so ook is dit vir ons nodig om geestelike suurstof te ontvang, deur gebed.
Gebed was al kragtig gebruik deur die Here. Josua se gebed het die son 'n dag langer laat skyn. Daniël se gebed het die leeus se bekke toegesluit dat hulle hom nie kon verskeur nie. Die drie vriende van Daniël se gebede het hul beskerm van 'n vuurdood in Nebukadnesar se oond, al was dit sewe keer warmer gemaak. Paulus se gebed op die sinkende boot het die lewens van 276 manne gered. Koning Hiskia se gebed het vyftien jaar tot sy lewe bygevoeg. Hanna se gebed het vir haar 'n seun gegee. Die eerste wat jy moet doen rakende enige saak, is om te bid!
Een ding wat ons moet leer is om altyd te bid in die Naam van Jesus Christus. Hy het self gesê in Joh. 14:13 *"En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word."* En natuurlik moet ons leer om in die geloof te bid. (Jak. 1:6,7)
Indien jy moedeloos word, dan bid jy nie genoeg nie. Die Bybel sê in Jes. 62:6 *"O julle wat die Here herinner aan Sy beloftes...moenie rus nie."* Hou aan bid, jou uitkoms is naby!

Gebed moet nooit 'n werk wees wat ons verrig nie.
Om te bid is dié manier wat die Here bepaal het, dat ons met Hom mag praat.
Moet nooit 'n dag daarsonder begin óf afsluit nie!

# Sy bloed beskerm

**Exodus 12:23** *"Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie."*

Die krag van Jesus se bloed kan nooit oorbeklemtoon word nie! Vroeër jare het God se mense baie keer "die bloed gepleit" oor hulself, hul gesinne en selfs oor hul eiendom. Daaroor wil ek nie nou kommentaar gee nie, maar dit weet ek daar is krag in Jesus se bloed.

Toe Israel na 430 jaar as slawe uitgetrek het uit Egipteland moes elke gesin 'n lam geslag het en die bloed gesmeer het teen hul deurkoesyne. Die doodsengel het nie in daardie huis gegaan nie, en die oudste seun het dus nie gesterf nie. Die Egiptenare was nie so gelukkig nie.

Jare gelede het 'n jong sendeling 'n klein dorpie in Lesotho besoek. Dit het hom verbaas om 'n hoenderhen te sien met kuikentjies op die werf wat rooi strikkies om hulle gehad het. Dit het sy nuuskierigheid geprikkel en daarom het hy die eienaar gevra hoekom die kuikens die rooi strikkies moes dra. Sy antwoord was: *"Het u nie geweet nie (het die eienaar gevra) dat dit hulle teen die valke beskerm het? Die rooi strikkies om hul lyf het hulle beveilig."*

Die sendeling het verder navrae gedoen by ander gelowiges oor hierdie rooi strikkies en almal het bevestig dat dit verseker hulle kuikens teen valke asook ander roof-voëls beskerm het.

Een van my geliefkoosde tekste is 1 Joh. 1:7 *"...en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."*

Ek gebruik dit baie keer teen die vyand se aanvalle.

Gebruik ook Open. 12:11 *"En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis..."*

Maak seker dat jy gereinig is deur Jesus se bloed.
Rus dan in die sekerheid dat Sy bloed jou vandag sal beskerm!

## As jy veilig aan 'land' wil kom
**Handelinge 27:44** *"En so het almal behoue aan land gekom."*

Hierdie is 'n treffende verhaal van Paulus toe hy na Rome geneem is as gevangene, en hoe almal wat aan boord was 'n skipbreuk oorleef het. Hierdie verhaal gee aan jou en my beginsels wat ons moet doen om storms in ons lewe asook in die van ons gesin te oorkom.
Ons bevind onsself op 'n Oseaan met storms wat gedurig ons lewensboot wil vernietig! Lees self verse 4; 7; 13; 14; 15; 18 en laat toe dat die Heilige Gees met jou praat rakende die storms en winde van hierdie lewe. Soos wat God Paulus, asook al die manne wat aan boord was gered het, sal God jou ook help (en jou geliefdes) om "veilig aan land te kom"
Die vraag is nou: Wat moet ons doen, om seker te wees dat ons dit sal maak?
Hou moed (vers 22) Moenie toelaat dat moedeloosheid jou baasraak nie. Glo God (vers 25) Jou geloof in God is jou sterkste anker wat jy het. Bly op die boot (vers 31) Moenie wegbreek uit jou huidige omstandighede nie. God gaan jou help. Raak ontslae van die "oortollige vrag" (vers 38) Ja, raak ontslae van die onnodige laste wat jy dra, soos wat ons lees in Heb. 12:11
Raak ontslae van jou eie "reddings-bootjies" (vers 32)
Hou op om jou eie redding elke keer uit te werk en vertrou op Hom wat in staat is om die onmoontlike dinge vir jou moontlik te kan maak.
Versterk jouself met geestelike voedsel wat jy het (vers 34,35) Ek sien hierin weer die krag van die nagmaal. Hoekom gebruik jy en jou gesin nie nagmaal om sodoende die Here te vertrou dat Hy julle deur jul krisis sal neem nie?

Jou verhaal sal eindig soos hierdie verhaal geëindig het.
*"En so het almal behoue aan land gekom." (vers 44)*

## Vriend van God

**Johannes 15:14** *"Julle is My vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel."*
*"Julle is my vriende; julle almal wat leef soos Ek van julle verwag."* (Die Boodskap)
*"You are My friends, if you keep on doing the things which I commanded you to do."* (The Amplified Bible)

Alle beloftes het 'n voorwaarde. Maar alle voorwaardes het verseker 'n belofte! Begeer jy, soos ek, om 'n vriend van God te wees? Die Bybel praat van twee vriende van God.
Abraham was 'n vriend van God. Ons lees dit in Jak. 2:23 *"En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem."* (Lees ook 2 Kron. 20:7)
Moses word ook genoem as 'n vriend van God. Ons lees in Ex. 33:9,11 *"En as Moses in die tent ingaan, kom die wolkkolom af en gaan by die ingang van die tent staan...Dan spreek die Here met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man my sy vriend spreek..."*

Jy voel dat jy tog nie soos Abraham of Moses kan wees nie, of selfs soos Elia die magtige profeet wat kon bid dat dit vir meer as drie jaar nie sou reën nie? Gelukkig is daar 'n teks wat ons vind in 1 Pet. 5:17 wat lees: *"Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie;"*
Moet nooit voel dat jy nie sekere dinge kan bereik nie. God is nie 'n aannemer van persoon nie.
God wil jou "beste vriend" wees. Natuurlik gee ons altyd respek aan Hom as 'n heilige God, maar Hy is nooit so vêr weg dat ons nie met Hom as vriend kan gesels nie. Doen dit sommer nou!

Begeer jy, soos ek, om 'n vriend van God te wees?
Die antwoord is eenvoudig: Moenie ophou om in God te glo nie, en wees Hom gehoorsaam!

## Die wind wat van God kom

**Numeri 11:31** *"Toe het 'n wind wat van die Here kom, uitgevaar en kwartels van die see af oorgedrywe en op die laer gestrooi omtrent 'n dagreis hier en omtrent 'n dagreis daar, rondom die laer; en hulle was omtrent twee el bokant die grond."*

In ons Skrifgedeelte het God vir Israel deur **Sy wind** voorsien in die voedsel wat hul nodig gehad het. By die begin van die skepping, toe daar duisternis was, het God se wind (Sy Gees) lig gebring. Lees gerus Gen. 1:1,2.
Was dit nie ook **'n wind wat van God gekom het** wat die dor bene in **Eseg. 37** weer lewendig gemaak het nie? En word dit nie beskryf in **Hand. 2** dat die Heilige Gees soos ***'n geluid van 'n geweldige rukwind*** op Pinksterdag gekom het nie? Met Israel se Yom Kippur oorlog in 1974 teen 16 nasies het iets merkwaardigs gebeur. 'n Afdeling soldate het hulself bevind in die woestyn terwyl die nag hul oorval het. Die bevelvoerder het besef dat hulle in 'n mynveld was en het dadelik almal beveel om op hul knieë te gaan en met hul byonette in die sand voor hulle te soek na landmyne. Dit was 'n stadige proses, maar hul lewens het daarvan afgehang. Ewe skielik het **'n stormwind** hul getref en omtrent die hele nag so sterk gewaai dat hulle net daar waar hul was moes bly. Toe die dag breek het die wind gaan lê, en was hul almal verbaas, want oral om hulle was honderde landmyne wat hul kon sien toe die wind die sand weggewaai het! Dit is wat 'n wind wat van God kom kan doen! Hierdie verhaal word tans uitgebeeld in die film "Against all odds" om al die wonders van Israel die afgelope jare op rekord te plaas.
God se Heilige Gees kan vir jou ook voorsien in jou tydelike nood soos in Numeri 11. Hy kan vir jou ook lig bring en gevare ontbloot dat jy jou pad vorentoe sal vind.

Sal God nie ons land op 'n bonatuurlike wyse besoek met Sy Heilige Gees wind nie? Kom ons honger daarna.

## Wat bring geluk?

**Psalm 32:1,2** *"Jy is baie gelukkig as die Here jou al jou verkeerde dade vergewe. Jy is gelukkig as Hy nie meer aan jou slegte dade dink nie. Jy is baie gelukkig as die Here jou nie laat betaal vir jou skuld nie..."* (Die Boodskap)

Die ou Afrikaanse vertaling gebruik die woord "Welgeluksalig" wat beteken "in die hoogste mate gelukkig, geseënd" Dit beteken ook om driemaal gelukkig te wees. Hoe gelukkig is jy? Gee jouself 'n punt tussen 1 tot 10. Kan jy tevrede wees met die punt wat jy jouself gegee het?
*"Happiness is not having what you want, but wanting what you have." "Laughter is to life what shock absorbers are to cars. Shock absorbers won't take the potholes out of the road, but it sure makes the ride smoother."* Ek wil jou vra: Kan jy nog lag? Jy is gelukkig is as jy vergewe is. Is jy seker dat die Here jou vergewe het? Maak seker dat die Here jou sondes vergewe het. (Lees 1 Joh. 1:7-9) Maar dit is noodsaaklik dat jy jouself ook vergewe. Ek het baie Christene ontmoet wat wel deur God vergewe is, maar nie gelukkig is nie, omdat hulle nog nie hulself vergewe het nie. Gaan staan voor 'n spieël, en vergewe jouself! Vergewe ook ander volgens Matt. 18:15-35.
Jy vergewe nie omdat hulle dit verdien nie maar omdat jy vry wil wees. Luk. 6:37 sê: *"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."* Jy is gelukkig as jy nie hoef te betaal vir jou sondes nie. Glo dus in Rom. 8:1. As Christus jou vrygemaak het, is jy waarlik vry! (Joh. 8:36)

Ontdek ook wat jou doel in die lewe is en jy sal 'n geluk ondervind wat jou 'n lus sal gee om te leef.

# Werp al jou bekommernis op Hom

**1 Petrus 5:7** *"Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle."*
Die Lewende Bybel: *"Neem alles wat julle kwel na Hom toe en laat bly dit daar by Hom, want Hy het verantwoordelikheid geneem vir julle."* Die Boodskap: *"Neem al die dinge waaroor julle julle bekommer of wat julle omkrap na God toe, want Hy self is die Een wat vir julle sorg."*

Die woord "werp" wat hier gebruik word, meen om dit letterlik weg te gooi van ons na God. En die woord wat hier vertaal word as "bekommernis" is wanneer 'n "angs" ('n Gevoel van vrees, benoudheid, onsekerheid en onveiligheid) jou wil oorweldig. Sulke bekommernisse is onnodig, want God sal voorsien. Die meeste dinge wat ons bekommerd maak sal nooit gebeur nie. Maak eerder soos wat ons lees in Psalm 94:19 *"As ek bekommerd begin word, dan dink ek maar net daaraan dat U vir my sorg. Dan word ek weer rustig."* (Die Boodskap)
Bekommernis en vrees maak meer mense dood as enige siekte. Geen wonder dat Jesus ons vermaan om ons nie te kwel oor wat ons gaan eet, drink of aantrek nie. (Matt. 6:25-32)
Dan maak Hy die volgende stelling in Matt. 6:33 *"Stel God se koninkryk eerste. Doen net daardie dinge wat vir Hom belangrik is. Hy sal vir die res sorg. Hy sal elke dag vir julle genoeg kos en klere gee. En los môre se probleme vir die dag van môre. Van probleme het elke dag immers oorgenoeg. Leef vandag voluit vir God."* (Die Boodskap)

Bekommernis is geloof in tru-rat.
Jy kan God vertrou met jou hele hart.
Hy sal vir jou gee meer as waarvoor jy kan bid!

**Jy is vreeslik wonderbaar**

**Psalm 139:14** *"Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is U werke! En my siel weet dit alte goed."* Die Boodskap: *"Ek wil U prys omdat U my so volmaak geskep het. U doen wonderlike werk. Ek weet dat U groot dinge kan doen."* New King James: *"I will praise You, for I am fearfully and wonderfully made; marvelous are Your works, and my soul knows very well."*

In die begin van hierdie Psalm loof Dawid die Here omdat Hy alwetend is wanneer hy sê: *"Here, U deurgrond en ken my. U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagtes." (verse 1,2)*
Al weet niemand werklik hoe jy hier binne voel nie, ken God jou want Hy verstaan jou gedagtes. Dit is daardie prioriteit wat jy as mens kan geniet, naamlik dat niemand (behalwe God) weet wat jy dink nie. Omdat die Here weet wat in jou binnekant plaasvind, kan Hy jou help in jou nood.
Die Bybel sê mos dat God mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink. (Ef. 3:20)
Loof Hom opnuut vandag omdat jy besonders wonderbaar gemaak is. Dit sluit jou lengte, die kleur van jou hare, die soort neus wat jy het, jou tipe oë, die grootte van jou ore, ja, elke deel van jou as mens. God glimlag oor jou as Sy kind. Aanvaar jouself soos jy is en loof God dat Hy jou gemaak het vir 'n spesifieke doel hier op aarde.
Om te dink dat jou vingerafdrukke uniek is. Ja, daar is werklik niemand op aarde soos jy nie.
Die Boodskap vertaling stel dit so mooi: *"Ek wil U prys omdat U my so volmaak geskep het..."*
Jy en ek het so baie dinge waarvoor ons dankbaar kan wees. Ek dink aan woorde van 'n vrou wat gesê het: *"Ek het altyd gekla oor skoene, totdat ek 'n vrou sonder voete ontmoet het."*

Kom ons tel weer ons seëninge vandag!
Veral omdat jy 'vreeslik' wonderbaar gemaak is deur die Here!

## Sal Jesus dié geloof vind?

**Lukas 18:8** *"...as die Seun van die mens kom, sal Hy wel dié geloof op die aarde vind?"*

Die verhaal gaan oor 'n weduwee wat gedurig hulp kom soek het by 'n regter. Eers wou hy haar nie help nie, maar was bang dat sy op 'n stadium hom sou aanrand as hy dit nie doen nie. Die boodskap wat Jesus wou leer in hierdie gelykenis van die weduwee en die regter was *"...met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie." (vers 1)*
Ons verhaal verwys na 'n sekere tipe geloof. Watter soort geloof het hierdie weduwee gehad? Haar geloof het geen vrees geken nie. Inteendeel haar geloof het vrees by die regter geskep wat voorheen nie God of mens gevrees het nie. (vers 4) Het jy hierdie soort geloof wat vrees oorwin? Onthou die Bybel leer ons in Rom. 14:23 *"...en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde."*
Haar geloof was nie iets passief nie, maar aktief. Jak. 2:17 sê: *"Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood."* Toon dus hoe jy glo deur dit wat jy doen.
Haar geloof het haar laat gebruik maak van haar regte. In vers 3 roep sy uit teenoor die regter: *"Gee my tog wetlike beskerming, want daar is iemand wat my te na kom."* (Die Lewende Bybel)
As kind van God het jy "wettige beskerming" waarop jy kan staatmaak. God is verseker vir jou 'n Regverdige Regter wat aan jou reg sal laat geskied.
Ons aanvaar so maklik 'n nederlaag. Inteendeel ons het baie keer verloor nog voordat ons begin het. Luister na die woord in Jes. 62:6,7 *"O, julle wat die Here herinner aan Sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie."* Hou aan glo, bly klop aan die deur, dit sal oopgaan!

Mag die Here hierdie soort geloof in jou vind.
Geloof is tog die vaste vertroue op die dinge wat ons hoop en nie wat ons sien nie. (Heb. 11:1)

## Volkome blydskap

**Johannes 16:24** *"Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."*
Die Boodskap vertaal dit: *"Neem vrymoedigheid en vra! Julle blydskap sal geen einde hê nie."*

Het jy blydskap en is jou blydskap "Volkome Blydskap"?
Loop jou beker (jou hart) oor?
Die Here wil hê dat jy moet bid, sodat jou blydskap volkome kan wees. Volkome, soos van baie.

Maar hoekom kry ons nie altyd wat ons vra nie? Ek is van mening dat Jak. 4:3 'n goeie antwoord is op hierdie vraag nie, naamlik: *"Julle sê dalk: 'Ja, ons bid tog, maar God gee nie vir ons wat ons vra nie'. Daar is 'n goeie rede voor; julle motiewe is verkeerd. Julle vra die goed van God sodat julle dit soos stout kinders net vir julleself kan hê."* (Die Boodskap)
'n Ander rede waarom ons nie altyd ontvang wat ons bid nie is omdat ons in ons harte twyfel, en die Bybel sê uitdruklik dat so'n persoon nie iets van God sal ontvang nie. (Jak. 1:6,7)
En natuurlik as jy sondige dinge toelaat in jou hart, is dit moontlik dat die Here jou gebede nie sal hoor nie. (Ps. 66:18)
En manne, luister baie mooi! Die Here sal nie jou gebede verhoor as jy nie aan jou vrou eer bewys nie. Daar staan duidelik geskryf in 1 Petrus 3:7 *"Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle mede-erfgename van die genade van die lewe is - sodat julle gebede nie verhinder mag word nie."* In my huwelik het ek ernstig gepoog om volgens hierdie skrif te leef. As jy antwoorde op jou gebede soek, asook volkome blydskap, doen wat die Woord sê.

Mag jou blydskap altyd volkome wees!
Ja, mag jou beker oorloop van al God se seën en oorvloed!

## Die lamp van die liggaam

**Matthéüs 6:22** *"Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees."*

Hoe sal ek weet dat my oog "verkeerd" is? As ek die klein foute sien in ander terwyl ek nie eers myne raaksien nie. (Lees Matt. 7:3-5) Sommige mense sien mos net die verkeerde dinge raak. Ons noem hulle "nat komberse" Moenie onder hulle geklas word nie.
Die eerste sonde het as gevolg van wat Eva gesien het, in hierdie wêreld gekom: *"Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry."* (Genesis 3:6) Bid dat God 'n wag sal plaas voor jou oë.
1 Joh. 2:16 *"Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld."*
As jou oog "verkeerd" is, sal twyfel in jou hart kom. Petrus het in die see gesink omdat sy oë op die sterk wind was en hy bang geword het. (Matt. 14:30) Hou jou oë op die Here.
Jou oog sal "reg" wees as jy soos Elisa nie net die probleme sien nie, maar God wat altyd daar is om jou te help. Toe die vyand Elisa wou kom vang, het sy dienskneg uitgeroep: *"Ag, my heer, hoe sal ons maak? Maar hy (Elisa) antwoord: Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is. En Elisa het gebid en gesê: Here, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die Here het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elisa."* (2 Kon. 6:8-23) Hier word verwys na Elisa se dienskneg se geestelike oë, want as persoon was hy nie fisies blind nie!

Mag jou oog reg wees, sodat jou lewe so verlig sal wees
om ander om jou te bemoedig.
Raak bewus van God se leermag wat jou sal beskerm.

# Rein van hart

**Mattheüs 5:8** *"Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien."*

Toe Sir Water Raleigh weggelei was na die blok waar sy hoof afgekap sou word, het die laksman hom gevra of sy hoof reg lê. Releigh het geantwoord: "Dit maak nie veel saak, my vriend, hoe die hoof lê nie, maar dat my hart reg is met God." Dit sal eendag nie veel saak maak hoe jy begrawe word of wat op jou grafsteen geskrywe sal staan nie, en of daar baie mense gaan wees nie. Dit sal nie saak maak, al het jy geen begrafnis nie, as jou hart net reg sal wees met God! Dit is wat saak sal maak!

Salomo het ons gewaarsku in Spreuke 4:23 met hierdie woorde: *"Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word..."* Jy kan sorg dat dinge wat jou onrein kan maak nie in jou hart kom nie.

As jy jou hart rein hou, sal jy met groter vrymoedigheid kan bid en antwoorde kan verwag.

Psalm 66:18 *"As daar 'n verkeerde begeerte in my hart was, sou die Here my gebed nie gehoor het nie."* (Die Boodskap)

In onsself kan ons nie ons harte rein hou nie, maar deur dit te vul met God se Woord sal jy agter kom dat wanneer versoekinge kom jy dit makliker kan weerstaan. Maak dus daagliks tyd om jou Bybel te lees en om deur gebed met die Here te praat. Die kinderkoortjie druk dit so mooi uit: *"Lees jou Bybel en bid elke dag en sal groei, groei, groei!"* Dit is 'n groot waarheid.

As jy jou hart rein hou, sal jy eendag in die hemel God sien. Meer nog: As jy jou hart rein hou, sal jy God hier op aarde dikwels persoonlik ervaar!

**Niemand om te help nie!**

**Johannes 5:7** Jesus praat met 'n sieke by die bad van Betesda, en vra hom:

*"...Wil jy gesond word? Die sieke antwoord Hom: Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in."*

Hierdie man was 38 jaar siek en was by die bad van Betesda, waar 'n engel van die Here op bepaalde tye in die bad neergedaal het om die water te roer. Die sieke wat eerste ingegaan het, het gesond geword aan watter siekte hy/sy ookal gely het. Dit moes iets besonders gewees het!
Hierdie man se probleem was dat hy nie eerste in die bad kon ingaan nie, omdat hy niemand gehad het om hom te help nie.
Dit is treffend dat Jesus hom gevra het of hy gesond wou word, terwyl Jesus geweet het hy is siek en wat die rede was dat hy die Betesda bad besoek het . Jesus vra hom of hy gesond wil word om sy oë af te kry van sy siekte, die water asook die engel wat die water sou roer.
Dit is ook ons probleem waarom ons nie oorwinning kry van ons probleme nie. Ons oë is baie keer op alles behalwe op Jesus wat ons probleem kan oplos.
Hierdie man was tussen baie ander mense en tog was hy eensaam, omdat hy niemand gehad het om hom te help nie.
Selfs Dawid was op 'n plek van eensaamheid toe hy siek was.
Ons lees in Psalm 38:12 *"Die wat my liefhet en my vriende is staan opsy vir my kwaal, en my nabestaandes het vêr gaan staan"* In Psalm 142:5 sê hy: *"...niemand vra na my nie."*
Ons leef in 'n wêreld met baie eensame mense. Baie van hulle is selfs goeie kerkgangers!

Daar is baie mense, soos hierdie man, wat niemand het wat omgee om hulle te help om by Jesus uit te kom nie.
Miskien moet jy vandag besluit om "daardie iemand" te wees?

## Wat het met my oes gebeur?

**Galasiërs 6:7** *"...net wat die mens saai, dit sal hy ook maai."*

Saai jouself uit jou moeilikheid uit! *"If you have a need, sow a seed."* Deur die jare, vandat die Here ons as gesin geleer het om te gee, het ons ondervind dat hierdie 'n ware stelling is. Miskien is jy frustreerd omdat jy so opreg geglo en bely het dat die Here sal voorsien in al jou behoeftes, en tog het jy nog geen deurbrake finansieël beleef nie. Jy vra vir jouself die vraag wat het met jou oes gebeur?

Die eerste rede waarom mense nie 'n oes ontvang nie is omdat hulle nie saad in die grond sit nie. In Lukas 6:38 stel Jesus dit baie duidelik naamlik: *"Gee, en aan julle sal gegee word..."*

En in 2 Kor. 9:6 skryf Paulus hierdie woorde: *"Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik (min) saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai."* Jy sal altyd vind dat "saai" voor "maai" gebruik word en nie anders om nie.

As jy nie gee nie hoe verwag jy om te ontvang?

As jy nie saad het om te gee nie, vra dan die Here om aan jou saad te gee, sodat jy kan saai. Volgens 2 Kor. 9:10 is dit die Here wat saad verskaf aan die saaier.

Moenie jou saad wat jy moet saai wegbêre nie en moenie jou saad opeet nie. Natuurlik moet jy spaar soveel jy kan, maar daar moet altyd 'n deel wees wat jy bereid is om weg te gee. En as ek praat van dat jy nie jou saad moet "opeet" nie, dan bedoel ek dat jy nie alles wat God vir jou gee net vir jouself gebruik nie.

Saai en maai is 'n ou en beproefde boodskap.
Waar wil die Here hê jy moet vandag saai?

# Die vinger van God

**Lukas 11:20** *"Maar as Ek deur die vinger van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom." "...oral waar Ek onder julle aan die werk is, is God aan die werk. Daar raak God se vinger grond. Daar kan julle sien hoe God se nuwe wêreld lyk."* (Die Boodskap)

Hierdie treffende woorde het Jesus gesê nadat Hy 'n stom duiwel uitgedryf het, en sommige van die skare geglo het dat Hy die duiwel uitgedryf het deur 'n bose mag.
Dit is darem treffend vandag dat wanneer God 'n wonder doen talle dit bevraagteken of dit nie miskien 'n bose gees was wat gewerk het nie?
Die uitdrukking *"die vinger van God"* is nogal 'n besondere uitdrukking. Jesus het hier verwys na die Heilige Gees, want in Mattheüs se skrywe oor dieselfde genesing word die volgende woorde gebruik: *"Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom."* (Matt. 12:28) Die vinger van God en die Heilige Gees is dus identies.
Tydens die derde plaag van muskiete in Egipteland, het die towenaars uitgeroep: *"Dit is die vinger van God!"* (Exodus 8:19) Hier het hulle erken dat dit nie 'n mens is wat hierdie wonders doen nie, maar dit kon alleenlik net God wees wat deur Sy Gees so kon werk.
'n Vinger spreek van rigting wat aangewys word. Is dit nie wat die Heilige Gees in jou lewe wil doen nie? Hy wil vir jou die rigting wys wat jy tans moet gaan. As jy Hom toelaat sal Hy jou in die hele waarheid lei. Mag jy so bewus wees van "God se Vinger" wat jou rigting wil gee in jou lewe.

Begeer jy dat *"die vinger van God"* magtig sal werk in ons land, in jou gemeenskap, jou gemeente en in jou huis?
Bid dan tot die Here daarvoor!

## ‘n Wolk van getuies

**Hebreërs 12:1,2** *"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê. Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof..."*

The New King James**:** *"...since we are surrounded by so great a cloud of witnesses, let us lay aside every weight..."*

Dank die Here vir wat Hy vir ons gedoen het! Geen wonder dat die Bybel praat dat ons getuies soos ‘n wolk om ons is nie. Elke keer as jy getuig van wat die Here vir jou gedoen het, oorwin jy die duiwel. Ons lees in Openbaring 12:11 *"En hulle (God se kinders) het hom (die duiwel) oorwin deur die bloed van die Lam <u>en deur die woord van hulle getuienis</u>..."*

Elke keer as jy getuig, of anders gestel – elke keer as jy jou storie vertel, bring dit oorwinning. Eerstens in jou eie lewe omdat jy opnuut besef wat God vir jou gedoen het. Maar dit bring ook hoop en oorwinning in die lewens van die mense aan wie jy dit vertel. Gaan skryf neer wat die Here vir jou gedoen het, en vertel ander daarvan.

Ek het ‘n groot begeerte om mense se getuienisse in een boek saam te vat. Dit sal baie mense bemoedig om ook God te vertrou.

‘Stof jou getuienis af’ en soek iemand vandag aan wie jy dit kan vertel!

Jesus het gesê dat as ons sou stil bly, sal die klippe uitroep. Besluit dat geen klip daardie voorreg sal hê, waar jy is nie.

**Jou sondes is jou vergewe**

**Lukas 5:20** *"En toe Hy (Jesus) hulle geloof sien, sê Hy vir hom (die verlamde man) Mens jou sondes is jou vergewe."*
Die Boodskap: *"Jesus was baie beïndruk met hulle geloof. Hy sê toe vir die verlamde man:*
*Vriend, Ek gaan jou 'n goeie rede gee om weer te lag. Ek gaan sorg dat God nie meer vir jou kwaad sal wees oor jou sondes nie. Jou sondes is vergewe."*

Die verhaal gaan oor vier manne wat hul lam vriend gaan haal het om hom by Jesus te kry. Vanweë die skare kon hulle nie in die huis kom nie, maar omdat hulle desperaat was, het hulle die dak oopgebreek en hul vriend met bed en al laat afsak tot voor Jesus. Toe Jesus hulle geloof sien het Hy vir die verlamde gesê: *"Mens, jou sondes is jou vergewe."* Hierdie man kom vir genesing, wat hy wel gekry het, en ontvang sommer vergifnis ook. Is dit nie wondelik nie?
Dit was wonderlike woorde toe God by die skepping gesê het: *"Laat daar lig wees! En daar was lig"* (Genesis 1:3)
Dit was ook wonderlike woorde vir die dissipels toe Jesus in die boot opgestaan het, en vir die stormagtige see gesê het: *"Swyg, wees stil."* (Mark. 4:39)
Maar die wonderlikste woorde wat Jesus seker vir iemand kan sê is: *"Mens,Jou sondes is jou vergewe."* Om te dink dat Jesus dit ook vir jou gesê het, naamlik dat jou sondes vergewe is!
Om vergewe te wees van sondes maak ons nie superheilige mense nie, maar dit maak ons vry van enige oordeel soos wat ons lees in Romeine 8:1 *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie..."*

Ek wou jou net vandag weer herinner dat jou sondes vergewe is.
En as dit vergewe is, dink die Here nie meer daaraan nie.
Jy moet ook nie meer aan jou verkeerde verlede dink nie!

**Vaar uit na diep waters!**

**Lukas 5:4** *"En toe Hy ophou met spreek, sê Hy vir Simon: Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak om te vang."*

Die mense het aangedring om God se Woord te hoor (vers 1) Dit is toe dat Jesus in 'n boot klim en Petrus vra om 'n entjie van die kant af te vaar. Die water tussen Hom en die skare het ook gedien as 'n luidspreker sodat almal Hom duideliker kon hoor, want klank trek mos oor water.
Hierdie was een van die redes waarom Jesus dikwels die skare vanuit 'n boot geleer het.
Nadat Hy die skare klaar geleer het, het Hy Petrus gevra om na dieper waters te vaar, en daar sy nette te laat sak. Alhoewel hulle die vorige nag niks gevang het nie, wou hul nette hierdie keer skeur van al die visse. Ons lees ook dat altwee die bote wat betrokke was, wou sink. (vers 7)

Hierdie is 'n woord vir gemeentes, maar ook vir jou as persoon. Ek is oortuig dat die Here wil hê dat ons *"moet uitvaar na dieper water"* Die rede dat ek dit sê is omdat ek glo daar kom 'n groot geestelike deurbraak. Baie 'visse' gaan vir God 'gevang' word. Maar ons sal groter moet waag; onwrikbaar vasstaan in geloof en uit ons gemaksone moet kom.
Ek is so bly dat daar genoeg 'visse' (siele) vir al die 'bote' (kerke) is. Mag daar 'n groter eenheid tussen gemeentes kom sodat ons mekaar kan help dat al die 'bote' vol kan raak.

Ek weet nie hoe hard jy probeer om jou doel te bereik nie?
My woord aan jou is om nie tevrede te wees in 'vlak water' nie.
Waag groter, en vertrou die Here vir groter resultate.

# Jy staan in 'n verbond!

**Genesis 9:9** *"Maar Ek, kyk, Ek rig my verbond met julle op en met julle nadeslag ná julle..."*

God het weer 'n verbond met ons gemaak ná die sondvloed en beloof dat Hy ons God sal wees wat sal voorsien.
Ek wil jou kortliks 'n verhaal vertel van 'n jongman, Mefiboset, wat Jonatan se seun was, om te toon hoe kragtig is 'n verbond. Toe hy vyf jaar oud was, het sy oppasser hom opgetel en gevlug, nadat sy die boodskap ontvang het dat Jonatan in die oorlog gesterf het. Maar in haar haastigheid, het hy geval en in albei sy bene lam geword. Toe Dawid koning geword het wou hy aan Saul se nageslag eer bewys. Een van sy dienaars het hom vertel van Mefiboset, die seun van Jonatan (wat natuurlik Dawid se boesem vriend was) wat lam was. (2 Samuel 9:1-13) Die rede dat Dawid aan Mefiboset goed wou doen was omdat daar 'n verbond was tussen hom en Jonatan. (1 Sam. 18:1-4) Mefiboset se lam bene het niks verander aan Dawid se verbond met Jonatan nie.
Moontlik voel jy vandag dat jy geestelik verlam is? Dit verander niks aan jou verbond met God nie! God het 'n verbond met jou aangegaan deur Jesus Christus en vir jou sê Hy vandag: *"...wie julle aanraak, raak Sy oogappel aan."* (Sag. 2:8) Jy hoef dus glad nie te vrees vir enige aanval van jou vyande nie. Jou genesing is ingesluit in jou verbond met God wanneer Hy vir jou belowe in 1 Pet. 2:24 *"...deur wie se wonde julle genees is."* Die volheid van Sy Gees is ook ingesluit in Sy verbond met jou, wanneer hy sê in Lukas 11:13: *"As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"* Omdat God 'n verbond met jou het, sal Sy Gees jou vandag in al die waarheid lei.

Kom sit jou "geestelike lam bene" onder God se tafel wat vir jou gedek is. Laat nie toe dat jou verlede jou toekoms bepaal nie. Jy staan in verbond met die Koning van alle konings!

## ‘n Gevangene in die Here

**Efesiërs 4:1** *"Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is..."*

Paulus was hier werklik in die tronk toe hy aan die Efesiërs geskryf het. Maar hy sien homself ook as ‘n gevangene in die Here! Is jy ‘n gevangene in die Here?
‘n Gevangene is ‘n gewone mens, maar is iemand wat ontneem is van sy vryheid. Dit is daarom dat hy/sy nie kan doen wat hulle wil nie. Dit is presies wat ons as Christene is. Ons kan nie maak wat ons wil nie, maar alleenlik wat God wil. Jy is vry gemaak van jou sonde, maar vasgemaak aan die Here!
‘n Gevangene ken dissipline en werk volgens ‘n program. As ‘n gevangene in die Here moet ons besef dat om ‘n dissipel van Christus te wees moet ons leef onder sekere dissipline. Om die Bybel te lees en te bid ‘n deel is van ons dissipline, asook om Sy getuie te wees. In die oorspronklike vertaling van Hand. 1:8 waar die woord *"getuies"* gebruik word vind ons die woord *"martelaar"* ‘n Ware getuie vir Christus moet bereid wees om ook martelaar te wees vir Hom!
Wat ‘n gevangene eet en wat hy lees word gesensor. Geld dit nie ook vir jou en my nie? Moet veral nie lees wat jou gees sal benadeel nie!
Praat van gemaksugtigheid! Ek lees dat John Wesley gedurende 40 jaar gemiddeld 32 kilometer per dag te perd afgelê het om die evangelie te verkondig. Hy het 40,000 preke gelewer, honderde boeke geskryf en was tien tale magtig. Op die ouderdom van 83 was hy skaam dat hy nie meer as tweemaal op ‘n dag kon preek nie. En in sy dagboek het hy melding gemaak van ‘n toenemende neiging om tot 5:30 in die oggend in die bed te lê.

Jy is die Here se gevangene.
Wandel soos iemand wat bereid is om te doen wat Hy van jou verlang.

## Om vervul te wees met die Heilige Gees

**Handelinge 2:4** *"En hulle is almal vervul met die Heilige Gees..."*
*"Almal is toe met die Heilige Gees volgemaak."* (Die Boodskap)
*"Die Heilige Gees het geheel en al van hulle almal besit geneem..."* (Die Lewende Bybel)

Ek wens ek kon jou persoonlik vertel wat dit vir my beteken het sedert ek bewus geraak het dat die Heilige Gees in my lewe gekom het. Ek was maar net 17 jaar en het so pas my lewe aan Christus gegee. Tydens 'n gemeente biduur het God my vervul met die Heilige Gees. Watter vreugde was dit net nie! Enige sukses wat ek gehad het in my lewe kan ek toeskryf aan dié feit dat die Heilige Gees my gehelp het. Soos wat dit vertaal is in die "The Amplified" Bybel (Joh. 15:26) is die Heilige Gees my:'Trooster; Berader; Helper; Advokaat; Voorbidder; Bystand' Ek sal nooit vergeet wat gebeur het toe ek baie siek was en daar menslik nie veel hoop was dat ek sou lewe nie. Een oggend het ek na myself in die badkamer se spieël gekyk en 'n ou sieklike man van 95 jaar gesien. Krag was daar nie veel in my liggaam nie. Ek herinner die Here toe aan die belofte van Hand. 1:8 waar Jesus self gesê het: *"maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom..."* Net daar het ek die volgende gebid: *"Here Jesus, niks medies gee my meer krag nie, maar ek weet dat hierdie woord "krag" in Handelinge 1:8, kom van die Griekse woord "dinamus" en beteken "inwonende krag" Laat hierdie inwonende krag vandag in my werk en my kragte geheel en al herstel. Vader ek wil leef, maar ek wil in oorwinning leef!"*
God het my daardie dag in die badkamer gehoor en my 'n tweede kans gegee. Loof Sy Naam!

Die Here is geen aannemer van persoon nie.
Wat Hy vir my gedoen het kan Hy ook doen vir jou.
Laat net toe dat Hy jou vol maak van die Heilige Gees.
Wees met niks minder tevrede nie!

**‘n Honger en dors na die Here**

**Matthéüs 5:6** *"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid want hulle sal versadig word."*

Die Lewende Bybel: *"Mense wat ‘n brandende begeerte het om te doen wat God wil hê, kan bly wees want God sal daardie begeerte bevredig!"*

Ek hoop ek praat met iemand wat ‘n honger en dors na God het? En mag dit in jou meer word. ‘n Goeie eetlus is ‘n groot skat. Want wat sal dit jou baat as jy ‘n oorvloed van kos het maar vir niks lus sou wees nie? God het meer as genoeg om vir ons aan te bied, maar het jy altyd ‘n honger en dors daarna? Of praat ek met iemand wat Bybel lees met lusteloosheid? Jy bid sonder enige krag? Jy gaan wel gereeld kerktoe maar luister na die preek sonder entoesiasme? Praat nie eers wat jou deelname is in die gemeente sang nie? Al hierdie dinge is ‘n bewys dat jy jou geestelike eetlus verloor het, en ek weet jy wil nie so wees nie.
‘n Goeie eetlus is ‘n seën, wel om die volgende redes: Dit is ‘n teken van lewe. Mense wat besig is om te sterwe het geen lus vir eet nie. Geestelik is dit dieselfde. ‘n Goeie eetlus is ook ‘n teken van groei. Indien ‘n baba nie wil eet en drink nie, sal dit ‘n teken vir die ouers wees dat daar groot fout is en sal hulle hom/haar na ‘n geneesheer neem. Geen wonder dat ‘n baba so maklik aan die huil kan gaan as dit eettyd is nie. 1 Petrus 2:2 sê: *"...en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei."*

Ek moedig jou aan vir ‘n honger en dors na die Here. Want daar is ‘n heerlike belofte gekoppel aan hierdie voorwaarde in ons teks:

Matthéüs 5:6 *"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid (om in die regte verhouding met God te leef) want hulle sal versadig word."*

## ‘n Nogtans Christen

**Habakuk 3:17,18** *"Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie –* ***nogtans*** *sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil."*

Ek wil ‘n "nogtans" Christen wees, wat ookal gebeur!
Dit is maklik om die Here te loof as dit goed gaan, maar dit is iets heel anders as dinge nie uitwerk soos jy begeer het nie.
Paulus sê in Fil. 4:4: *"Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!"* In 2 Thes. 5:18 sê hy: *"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle."* Let wel, hy sê "in alles" en nie "vir alles" nie. M.a.w. indien iemand my motor stamp dank ek nie God daarvoor nie, maar tenspyte daarvan kan ek God dank dat niemand beseer of dood is nie.
Jy sal altyd iets kan vind waarvoor jy God kan loof.
Billy Bray was ‘n gelowige wat in ‘n koolmyn in Engeland gewerk het. Hy was bekend as "Die hallulujah Christen" omdat hy sy twee bene name gegee het. Sy een been se naam was "hallulujah" en die ander been "amen" Waar hy ookal geloop het, kon jy hom saggies hoor sê "hallulujah – amen"
Op ‘n dag is hy vroeg die oggend werktoe, met sy pakkie toebroodjies. Net voor hy, met al die ander manne afgesak het in die skag, het ‘n hondjie gekom en sy toebroodjies gegryp en daarmee weggehardloop, met Billy wat hom probeer vang. Sy maats het natuurlik hom gespot en uitgelag. Toe hy terugkom, met van die brood wat hy kon terug kry, was sy maats reeds af met die skag. Tot sy ontsteltenis moes hy verneem dat die skag se kabels gebreek het en dat al sy maats dood was. Net daar het hy neergekniel en God gedank vir ‘n klein hondjie wat sy brood kom steel het!

Wees ‘n "nogtans" Christen vandag!
Leer om altyd dankbaar te wees en jou te verbly in die Here!

**Jou visie moet jou dryfkrag wees**

**Habakuk 2:2** *"Toe antwoord die Here my en sê: Skryf die gesig (visie; openbaring) op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees."*

Die Boodskap: *"Skryf versigtig en duidelik op kleitablette neer wat Ek jou gaan wys sodat enige mens wat dit lees, nie kan wag om dit aan ander mense te vertel nie."*

New King James: *"Write the vision and make it plain on tablets, that he may run who reads it."*

Wanneer jy oortuig is dat die Here met jou gepraat het, moet jy dit neerskryf. Daarom het ek 'n boek geskryf met die titel: *"Wag ek wil 'n nota maak!"* Ek sal in die nag opspring en 'n nota gaan maak as ek 'n dringendheid in my voel oor 'n saak. Visie is die oorsprong en hoop van jou lewe. Die grootste geskenk wat jy ontvang het is nie jou gawe om te kan sien nie, maar die visie wat in jou werk. Gesig is die funksie van die oë; visie is die funksie van die hart. Geen edele en waardevolle iets wat op aarde bereik was, was bereik sonder visie nie. Geen uitvindsel en ontwikkeling was bereik sonder die krag wat ons "visie" noem nie. Dit was visie wat die Wright broers instaat gestel het om 'n vliegtuig te ontwerp. Dit was visie wat Thomas Edison geinspireer het om die gloeilamp uit te vind. Visie het Bill Gates as 'n 19 jarige so gemotiveer dat hy die Microsoft program ontwerp het wat miljoene op aarde instaat gestel het om 'n rekenaar te kan gebruik.

Die visie (jou passie) in jou hart sal jou saam met Paulus laat uitroep: *"...ek strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry..."* Visie sal jou moed gee as alles in duie stort. Dink aan Paulus op 'n sinkende boot. (Hand. 27:25) Moet nooit jou visie verloor nie. Droom altyd groter en groter. Iemand het dit in Engels so uitgedruk: *"If you can dream it, you can do it!"*

Jou visie in jou hart moet altyd jou dryfkrag wees.
Jou visie is een van die grootste gawes tans in jou lewe.

**Om saam te stem**

**Matthéüs 18:19** *"Ek het nog goeie nuus vir julle. As twee van julle saamstem oor enige saak wat swaar op julle harte lê en julle gaan praat met my hemelse Vader daaroor, sal julle gebed verhoor word. Julle sal kry wat julle gevra het."*
(Die Boodskap)

In die ou Afrikaanse vertaling, begin hierdie teks met: *"Weer sê Ek vir julle..."* Jesus moes hierdie waarheid seker voorheen aan Sy dissipels geleer het?
Om saam te stem in gebed is verseker 'n waarheid wat ons meer as eenkeer kan hoor. Die "Amplified Bible" vertaal dit soos volg: *"Again I tell you, if two of you on earth agree (harmonize together, together make a symphony) about – anything and everything – whatever they ask, it will come to pass and be done for them by My Father in heaven."*
Die woord "saamstem" (in Engels "agree") kom van die Griekse woord "sumphoneo" ("soom-foe-nehoh") Die woord simfonie (of dan saamgepasde geheel) kom van hierdie woord. Dink aan die pragtige klanke wanneer 'n orkes 'n simfonie vorm.
Vroeg in ons huwelik het ons Matt. 18:19 ontdek en deur meer as 50 jaar het ons as gesin ervaar wat die krag in saamstem vir ons beteken het. Dit is wonderlik om te weet dat net twee nodig is wat moet saamstem oor 'n saak om hierdie belofte te laat werk. Die ideaal is dat die twee wat moet saamstem man en vrou moet wees. Maar hierdie belofte geld vir enige twee wat dit doen.

Moenie alleen worstel met jou probleem nie.
Kry iemand om saam te stem in die Naam van die Here.
Ervaar hoedat die Here sal voorsien.

**Jesus wil woning maak**

**Johannes 1:14** *"En die Woord (Jesus) het vlees geword en het onder ons gewoon –"*

The Message *"The Word became flesh and blood, and moved into the neighborhood."*

Die Boodskap *"Jesus het toe as mens aarde toe gekom. 'n Mens kan sê Hy het onder ons kom huis opsit."*

Daar in jou woonbuurt, wil Jesus kom woon. Hy sal Homself teenwoordig maak deur jou en my. Jesus Christus het na hierdie aarde toe gekom om hier te kom woon. Hy wil in ons huise woon. Hy wil in ons skole woon. Hy wil woning maak in jou besigheid. Hy wil Homself teenwoordig maak in jou gholfklub en tussen jou rugby vriende. Maar bo alles wil Hy woning maak in jou hart.

Ek het eenmaal gehoor van 'n seuntjie wat baie bang was as dit saans donker word en hy moet gaan slaap. Sy pappie het hom verseker dat hy nie hoef te vrees vir die donker nie want Jesus sal altyd by hom wees. Sy antwoord hierop was *"Maar pappie, ek wil 'n Jesus met 'n vel hê"* Daarmee het hy bedoel dat hy iemand by hom soek wat hy kon aanraak. Jy en ek kan *"Jesus met 'n vel"* wees vir soveel mense vandag wat bang en vreesagtig is. Mense wat geen antwoorde het op hul talle probleme nie.

Maak Jesus vandag teenwoordig waar jy woon, werk en studeer. Meer nog, waar jy jou sport bedryf.
Wees jy Sy getuie deur die Goeie Nuus aan ander te vertel!

**Krag om te getuig**

**Handelinge 1:8** *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as (menende "asook") in die hele Judea en in Samaria en tot aan die uiterste van die aarde."*

Die woord krag wat hier gebruik word se oorspronklike betekenis is "inwonende krag" Dit is krag wat God ons gee wat altyd in ons beskikbaar sal wees. Baie keer leef ons of ons soms nie enige krag van God in ons het nie, veral as ek hoor hoe bid Christene wanneer talle uitroep *"Here, gee my asb. krag vir vandag"* Dit is so asof ons meen daar moet iets van buite af kom? Terwyl Jesus geleer het dat *"uit ons binneste sal daar strome van lewende waters vloei – as ons natuurlik glo soos die Skrif sê."* (Lees Joh. 7:37-39) Vra eerder dat die krag wat in jou is, sal uitborrel!
Die hoofrede waarom God ons Sy krag gegee het, toe Hy ons Sy Gees gegee het, was om vir Hom 'n getuie op aarde te wees. Dan spesifiseer Hy nogal waar, wanneer Hy sê *"in Jerusalem"* naamlik in ons onmiddelike omgewing waar ons woon. As Hy sê *"in die hele Judea"* dan verwys Hy na die streek waar ons woon. En as Jesus sê *"en in Samaria"* dan verwys Hy na die mense en plek wat ons eintlik nie van hou nie. Onthou dat die Jode en Samaritane wou niks met mekaar te doen gehad het nie. Jy en ek het ook 'n Samaria. 'n Plek en mense wat ons eerder wou vermy. Maar die Here stuur ons ook daarheen om daar Sy getuie te wees! Dan voeg Jesus in Sy opdrag by *"en tot aan die uiterste van die aarde"* Het jy ooit daaraan gedink? Waar kan dit vir jou beteken?

Miskien moet jy weer soos Jesaja reageer op God se roepstem?
*"Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?*
*Toe antwoord ek: (sit jou naam hier in) Hier is ek stuur my."*

## God sal antwoord

**Jesaja 65:24** *"En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek."*
Die Boodskap: *"Ek sal vir hulle gee waarvoor hulle bid, selfs nog voor hulle daarvoor gevra het. Terwyl hulle nog besig is om te bid sal Ek reeds na hulle gebed geluister het."*

Daar is mense wat glo dat ons die Here niks moet vra nie, want Hy weet tog wat ons nodig het. Wat ek wel ondervind het is dat die Here vir my en my vrou talle kere voorsien het nog voordat ons gevra het. Al weet God wat ons nodig het, verlang Hy tog dat ek en jy Hom sal vertrou daarvoor.
Jesus sê in Matt. 7:11 *"As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee* ***aan die wat Hom bid****."* Aan wie gee Hy goeie dinge? Aan die wat Hom daarvoor vra. Hierdie is een van baie tekse wat ons aanmoedig om in geloof tot God te bid en Hom te vra wat ons nodig het.
Wat ek wel gesien het is dat die Here baie keer voorsien het wanneer ons dit die minste verwag. So het dit gegaan met die man wat die verdorde hand gehad het (Matt. 12) Sy genesing het gekom toe Jesus hom in die sinagoge gekry het en vir hom gesê het om sy hand uit te steek, wat op daardie oomblik herstel was. (vers 13)
Die kreupel-gebore man in Hand. 3 wat baie jare voor die Skone Poort aalmoese gebedel het, het miskien sy lot aanvaar, totdat Petrus hom aan sy hand gegryp het en in Jesus se Naam hom opgerig het. Moenie tevrede raak met jou omstandighede nie, maar hou aan bid totdat jy ontvang. (Lees gerus weer Lukas 18:1-8)

Skep nuwe moed en weet God sal antwoord.
Mag dit wees dat terwyl jy nog bid, dat jou antwoord sal kom.
Daar is 'n lied wat sê: *"Bid maar deur, jy sal die antwoord kry!"*

# **"Wees julle dan volmaak..."**

**Matthéüs 5:48** *"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemel volmaak is."*

Die lewe is soos die speletjie van "slangetjies en leertjies" Jy het nou net lekker opgeklim met 'n leer, dan sluk 'n slang jou weer in. Jy ken mos daardie speletjie?
Gelukkig is die Griekse woord wat hier as "volmaak" vertaal word "téleias" wat beteken om "volwasse te word in Christus" Dit beteken om nie 'n geestelike baba te bly nie. Ons lees in Efesiërs 4:13 *"...todat ons almal kom...tot 'n volwasse man. Tot die mate van die volle grootte van Christus."* Dit is nie om sondeloos te wees nie. Paulus skryf in Fil. 3:12: *"Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is."*
Wat moet ons nog doen? Doen wat Kol. 3:14 sê, naamlik: *"En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is."* Die Boodskap vertaal hierdie deel so treffend: *"Tussen die klere wat God vir julle gegee het, is daar 'n kledingstuk wat alles perfek afrond. Jy moet dit altyd en oral dra. Hierdie kledingstuk is die liefde. As julle mekaar liefhet, leef julle presies soos God dit wil hê. Liefde hou julle naby mekaar soos julle veronderstel is om te wees."*
Klere wat 'n mens aantrek, kan gesien word deur ander mense. Liefde moet in ons gesien kan word, want om net daaroor te praat beteken nie veel nie.
Nog iets wat ons baie sal help, vind ons in Jak. 3:2 *"As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook sy hele liggaam in toom te hou."*
Hoe dikwels struikel ons in woorde wanneer ons vuil taal gebruik; leuens vertel en kwaad praat. Let dus op wat jy praat.

Daar is drie dinge wat ons altyd in gedagte moet hou alvorens ons praat, en dit is: Is dit waar? Is dit nodig? Is dit minsaam – m.a.w. Is dit mooi van my om so te praat?

## Die Here sal vir jou stry

**Exodus 14:14** *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."*

The New King James: *"The Lord will fight for you, and you shall hold your peace."*

Die Boodskap: *"Wees julle maar net kalm. Die Here sal in julle plek veg."*

Wat die Here vir ons wil sê is om nie spanning toe te laat nie, maar te weet dat Hy vir ons die stryd sal voer, wat dit ook mag wees! Raak dus rustig voor God, of soos die Engelse vertaling dit stel: *"hold your peace"* Moenie jou vrede verloor nie! Wanneer jy geestelik swak voel moet jy tyd maak om stil voor God te raak en op Hom te wag. Want *"die wat op die Here wag, kry nuwe krag..."* (Jes. 40:31) Dawid stel dit so mooi in Psalm 62:6 *"Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting!"* Laat jou "stilte-tyd" wees met die Bybel en gebed!

In siekte, hou vas aan 'n teks soos vandag. Dank God vir wat die geneeshere kan doen, maar vir jou sê die Here: *"Ek is die Here wat jou gesond maak."* (Ex. 15:26) God het altyd die laaste sê oor ons lewens! Wees rustig en glo Hom vir genesing!

Wanneer jou finansies nie wil uitwerk nie, kan jy gerus hierdie teksgedeelte onthou (en glo) Finansies is een van ons grootste probleme vandag. Dit is daarom dat baie moeders, met klein kinders vandag moet werk. (Lees met aandag Fil. 4:19)

Wanneer mense jou wil benadeel, weet dat die Here vir jou in die geveg sal tree. Ons is so geneig om te sê: *"Ek sal hom wys waar Dawid die wortels gegrawe het!"*

Die Israeliete was vol vrees by die Rooi see. Hulle kon sien hoe die Egiptenaars al hoe nader kom om hulle te vernietig. Maar dank God, Israel se oorwinning was in ons teks!

Jou oorwinning is ook vandag in hierdie belofte!
Hou op om jou eie planne te maak, en gee die Here 'n geleentheid om jou te help!

## Vir die wat glo

**Markus 16:17,18** *"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg:...op siekes sal hulle die hande lê, en hulle (die sieke) sal gesond word."*

Wie kwalifiseer om hulle hande op siekes te lê, en vir hulle te bid? *"Vir die wat geglo het!"* Wonderlik! Jy hoef nie 'n voltydse predikant (of selfs 'n leier in 'n gemeente) te wees om dit te kan doen nie; jy moet net kan glo. Dan kwalifiseer jy mos?
Jare gelede (September 1970) was ek die spreker by 'n reeks Evangelisasie dienste in 'n saal by name die Bon Accord saal in Port Elizabeth. Talle het hul lewens in hierdie dienste aan Christus gegee. Daar was ook 'n Marais gesin. Hul jongste seun Wessel, was lam in albei sy bene. Hy was maar vier jaar. Volgens die spesialiste het hy 'n seldsame virus in albei sy knië gehad. Spesialiste kon hom nie help nie. Hy moes gedra word. Die laaste aand van die dienste het aangebreek en die saal was uitgepak. Baie het teen die mure gestaan. Die Here het my gelei om vir hierdie kind te bid. Ek het die ouers genooi om hul seun te bring, en vir hom gebid met die oplegging van hande. Daarna het my kop vir my gesê dat ek dit nie moet doen nie, maar my hart het gesê ek moet – dit was om die vader te vra om sy kind neer te sit (natuurlik in die Naam van die Jesus) sodat hy kon loop. Hierdie seuntjie het begin gehardloop!
Wat 'n wonderlike oomblik was dit net nie want mense het spontaan, en met trane van dankbaarheid God geloof.
Ongeveer 14 jaar daarna het ek die frisgeboude Wessel Marais ontmoet in Kroonstad en verneem dat hy die Victor Ludorum van sy skool gewen het as die beste atleet van die jaar. Voor my het 'n jongman gestaan (met 'n kortbroek aan) en twee stewige bene. Dit is wat God kan doen, as ons kan glo!

As jy kan glo, kan God jou ook gebruik om vir siekes in Sy Naam te bid. Wees vandag die Here se instrument en waag om jou hande te plaas op iemand wat gebed nodig het.
Doen dit in Jesus se Naam!

## Bly loop in geloof

**Spreuke 4:12** *"...as jy loop, sal jou treë nie belemmer word nie, en as jy hardloop, sal jy nie struikel nie."*

God se pad loop nooit dood nie. God het nie 'n *"Cul de sac"* straat nie. Hy is in staat om selfs ysterpoorte vir jou oop te maak, soos wat Hy vir Petrus gedoen het in Hand. 12:10:
*"En toe hulle by die eerste en tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterpoort wat na die stad lei, en dit het vanself vir hulle oopgegaan."*
Wat het gebeur voor die ysterpoort? Het Petrus gou 'n sleutel gaan soek? Het hy die ysterpoort probeer oopbreek? Het hy moed opgegee, en omgedraai? Nee, hy het net bly beweeg en God het die ysterpoort vir hom laat oopgaan. Glo God vandag om jou "ysterpoort" vir jou oop te maak.

Dr. John G. Lake was die man wat die Here in 1908 gebruik het as vader van die Pinkster beweging in Suid Afrika. Toe hy en sy gesin na ons land gekom het, het hy ongeveer R300 nodig gehad om te immigreer. Nadat hulle reeds in Kaapstad van die boot afgeklim het, en in 'n tou gestaan het om by die paspoort beheer deur te gaan, het iemand na hom gekom en die presiese bedrag wat hy nodig gehad het in sy hand gesit!
Dit is hoe die Here deure vanself sal laat oopgaan.
George Müller, die man wat 'n baie groot Kinderhuis in Engeland gehad het, het eenmaal hierdie verklaring gemaak:
*"Die begin van kommer is die einde van geloof; en die begin van geloof is die einde van kommer."*
Be-eindig jou kommer vandag deur te loop in geloof!

Omdat geloof 'n vaste vertroue is, moet jy nie verflou in die verwagting wat jy het nie. Bly loop in geloof, want die Here sal die deure vanself laat oopgaan.
*"Niemand wat in God glo, sal ooit met leë hande wegstap nie"* (Rom. 10:11- Die Boodskap)

**Is die pad vir jou te veel?**

**1 Konings 19:7** *"En die engel van die Here het weer vir die tweede maal gekom en hom (Elia) aangeraak en gesê: Staan op, eet; anders is die pad vir jou te veel."*

Die Boodskap vertaal dit: *"As jy nie nou eet nie, gaan die pad te lank word."*

Elia kom so pas van 'n magtige herlewingsdiens op Karmel. God se vuur het op 'n besondere wyse op sy altaar neergedaal. Israel het erken dat God hulle God is. Die Baäl priesters word uitgeroei. Koning Agab het alles wat gebeur het aan Isébel, sy vrou, meegedeel. (verse 1,2) Sy het God nie gevrees het nie, en het wraak gesweer teen Elia. Dit is daarom dat Elia vlug. Moeg en uitgeput vind ons hom onder 'n besembos waar hy gewens het dat hy mag sterwe. Van moegheid het hy aan die slaap geraak. 'n Engel maak hom wakker en gee hom brood om te eet en water om te drink (verse 5-7) met dié boodskap: *"Staan op, eet; anders is die pad vir jou te veel."*

Het jy moontlik op 'n soortgelyke plek gekom waar Elia was? Wat het jou so moeg gemaak? Dink aan die kere hoe die Here in die verlede ingegryp het en jou gehelp het.
Pasop vir moedeloosheid! Neem asb. nooit 'n besluit in moedeloosheid nie, want dit is gewoonlik die verkeerde een. Iemand het gesê: *"Moenie moedeloos word met daardie skynbare nederlaag nie. Dit is soms die laaste sleutel in die bos wat die deur oopsluit."* Elia moes opstaan. Jy moet ook opstaan in jou gees! Elia het geëet wat die engel vir hom voorgesit het. Hy het brood en water gekry as voedsel. Kies wat jy moet lees, sodat jou gees gevoed kan word met die regte kos. Neem tyd in die Woord wat jou sal voed en versterk.

Elia was versterk deur God en kon veertig dae en veertig nagte lank loop tot by Horeb. (vers 8)
Die Here is gereed om jou ook te versterk omdat jy dit dringend nodig het!

**Psalm 19:8-10**

*"**Die wet van die Here** is **volmaak**: dit verkwik die siel;*
***die getuienis van die Here** is **gewis**: dit gee wysheid aan die eenvoudige.*
***Die bevele van die Here** is **reg**: hulle verbly die hart;*
***die gebod van die Here** is **suiwer**: dit verlig die oë.*
***Die vrees van die Here** is **rein**: dit bestaan tot in ewigheid;*
***Die verordeninge van die Here** is **waarheid** – tesame is hulle regverdig."*

Die woorde wat hier gebruik word, naamlik: "wet" "getuienis" "bevele" "gebod" "vrees" en "verordeninge" van die Here – verwys na God se Woord. Ons ken dit as ons Bybel.
God se Woord is verseker **volmaak**. Dit kom kort aan niks!
God se Woord is **gewis**. Alles wat God in die Bybel beloof, sal Hy vervul. Glo dit, want God kan nie lieg nie! (Heb. 6:18)
God se Woord is **reg**. Daarom, alles wat in die Bybel geskrywe staan is die laaste woord op enige saak.
God se Woord is **suiwer**. Jy kan God se Woord vertrou, want dit is deur-en-deur getoets!
God se Woord is **rein**. Die Bybel kan voorwaar reinig!
God se Woord is die **waarheid**. Jesus kon sê in Joh. 17:17
*"Heilig hulle in U waarheid; U Woord is die waarheid."*

Someone wrote this: "Never compare the Bible with other books. Never think or say that the Bible contains the Word of God, because the Bible is the Word of God! It is supernatural in origin, eternal in duration, inexpressible in value, infinite in scope, regenerative in power, infallible in authority, universal in interest, personal in application, inspired in totality."

Maak seker dat jy jou Bybel elke dag lees.
Laat toe dat dit waarlik jou lig op jou pad sal wees.
Bewaar dit in jou hart dat jy nie teen die Here sal sondig nie!
(Psalm 119:11)

## ‘n Aanraking van God

**Markus 1:41** *"En Jesus het vir hom (‘n melaatse) innig jammer gevoel en die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: Ek wil, word gereinig!"*

Die verdere deel van hierdie verhaal vertel ons dat die melaatsheid hom dadelik verlaat het, en dat hy gereinig was van hierdie aaklige siekte! Dit is wat een aanraking van Jesus kan doen. As mens is dit nodig dat ons gereeld ‘n tasbare aanraking van die Here sal ondervind.
Die man in ons Skrifgedeelte was melaats, en as gevolg daarvan kon geen mens hom aanraak nie. Tog het hy begeer dat Jesus hom sou aanraak. Volgens wet kon hy gestenig word as hy naby ander mense gekom het, maar omdat hy desperaat was, waag hy sy lewe. Sy onwaardigheid het hom nie verhinder om na Jesus te kom nie.
Miskien voel jy vandag onwaardig? Tog dryf iets jou na Jesus om Hom te vra vir ‘n aanraking. Jesus wil jou in jou siekte aanraak, soos wat Hy Petrus se skoonmoeder aangeraak het toe sy baie siek was aan koors. Ons lees in Matt. 8:15 *"En Hy (Jesus) het haar hand aangeraak, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en hulle bedien."* Een aanraking het haar genees! En in Markus 7:32-35 lees ons dat Jesus ‘n dowe wat swaar gepraat het se tong aangeraak het. Sy tong het losgeraak, en hy het reg gepraat. Die Here wil jou tong aanraak sodat jy kan vertel van wat Hy vir jou gedoen het nie.

Dit word vertel dat ‘n bekende sendeling Gypsy Smith, wanneer hy gebid het, ‘n kring met kryt om hom getrek het terwyl hy uitgeroep het: *"Here, stuur herlewing...en laat dit begin binne hierdie kring!"* Kom ons bid die volgende: *"Here, stuur ‘n herlewing, en laat dit begin in my."*

Wanneer laas het jy ‘n vars aanraking van die Here ondervind? ‘n Mens moet ‘n honger en ‘n dors hê na ‘n vars aanraking. Begeer jy dit? Moenie tevrede wees met niks minder nie!

## God se oogappel

**Sagaria 2:8** *"...want wie julle aanraak, raak Sy oogappel aan."*
Die Boodskap: *"Hy sê: Julle is my oogappel. Van al die dinge wat Ek het, is julle die kosbaarste. Wie aan julle vat, vat aan wat vir My belangrik is."*

Volgens die Woordeboek beteken dit as jy iemand se oogappel is – is jy vir daardie persoon die dierbaarste wat hy het; jy is sy grootste skat. Dit is presies wat die Bybel ons hier leer. Gryp hierdie waarheid aan en maak dit jou eie! Jy is inderdaad God se oogappel. Moet niks minder glo nie. Moenie glo dat jy nie veel werd is nie – dat jy dit nie sal maak nie. Jy sal dit maak! Ai, as gelowiges maar net sal besef wat hul in Christus is. Ek wil jou aanmoedig om gereeld 'n studie te maak van die eerste hoofstuk van Efesiërs en weet dat jy deur God uitverkies is; deur Christus verlos en vergewe is van alle skuld; Jy is Sy erfgenaam; Jy is verseël met die Heilige Gees.
Ons is God se oogappel omdat dit die belangrikste en noodsaaklikste deel van die oog is. Ons is belangrik en noodsaaklik vir God. Ons was vir God so belangrik dat Hy Sy enigste Seun na hierdie aarde gestuur het om vir ons te sterf aan die kruis van Golgota.
Die oogappel is 'n baie teer deel van ons oog. God werk met ons nie na ons verdienste nie, maar Hy werk voorwaar "saggies en teer" met ons, omdat ons Sy oogappel is. Aan die ander kant werk die Here nie so "saggies en teer" met hulle wat Sy mense skade wil aandoen nie! God het Farao en sy volk besoek met tien plae omdat hulle Israel as slawe verdruk het. Haman het gesterf aan sy eie galg omdat hy gewaag het om God se volk uit te roei. Hitler het amper die laaste wêreld oorlog gewen, totdat hy Israel in gaskamers wou uitwis!

Jy en ek is God se oogappel, en Hy sê: *"Wie aan julle vat, vat aan wat vir My belangrik is."* Psalm 91:11 *"...Hy sal Sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë."*
Moet dus nie vrees nie, want die Here sal jou beskerm.

**Niks is te moeilik vir God nie**

**Jeremia 32:17** *"U het die hemel en die aarde gemaak deur U grote krag en deur U uitgestrekte arm; geen ding is vir U te wonderbaar nie."*

Die Boodskap: *"U het die hemel en die aarde deur U groot krag en mag gemaak. Niks is te moeilik vir U om te doen nie!"*

The Living Bible says: *"You have made the heavens and earth by Your great power; nothing is too hard for You!"*

Sedekia, die koning van Juda, het Jeremia toegesluit omdat hy nie gehou het van sy profesië nie. Tog as 'n gevangene was daar groot oorwinning in Jeremia se hart en kon hy hierdie woorde uitroep in ons Skrifgedeelte. Dit is soms in donker omstandighede dat ons uitstyg na groot geestelike hoogtes! Dit is ook baie keer in hierdie tye dat die Here uitkoms gee. Toe Israel alle hoop opgegee het om na 400 jaar uit slawediens te kom, het God vir Moses gestuur om hulle uit Egipte te lei. Toe die vrou in Lukas 8, wat aan bloedvloeiing gely het, alle hoop opgegee het om gesond te word het Jesus haar genees. Jou antwoord op jou gebede is nader as wat jy dink! Onthou Skrifte soos: Lukas 1:37 *"Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie."* En ook Job 42:2 *"Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie."*

Eenkeer met 'n besoek aan die gevangenis in Port Elizabeth het die hoof vir my gesê dat baie sogenaamde wonderwerke in die Bybel kan op 'n natuurlike wyse verklaar word. Sy voorbeeld was dat toe Israel deur die Rooisee gegaan het, was dit eintlik 'n see van riete, met omtrent knie diepte water. My antwoord aan hom was: *"Maar kolonel, dan is die wonder vir my nog groter. Want dan het die Egiptenaars in baie min water verdrink?"* Hierop het hy geen antwoord gehad nie.

Ons dien die God van die onmoontlike, wat alles kan doen!
Is jy bereid om dit te glo in jou huidige omstandighede?

## God sal wees soos die dou

**Hosea 14:6** *"Ek sal vir Israel wees soos die dou, hy sal bloei soos 'n lelie en sy wortels uitslaan soos die Libanon."*

Ons bid vir geestelike reën wat moet kom – ja, vir 'n magtige Godgegewe herlewing. Maar terwyl ons bid hiervoor, laat ons God dank dat Hy vir ons sal wees soos die dou.
In die tyd van Elia was daar vir drie-en-'n-half-jaar geen reën nie; en ook geen dou nie! (1 Kon. 17:1)
Daarom, kom ons dank God vir die dou. Hy het beloof om vir ons soos die dou te wees. Een van die mooi eienskappe van dou is dat dit verkwik. Na 'n baie warm dag, met geen reën nie, beteken dou baie vir die plante. Kom jy deur 'n geestelike droogte? God is vir jou, nie soos ryp wat alles verwoes nie, maar soos dou wat verkwik.
Dou val in die aand. Het dit "aand" geword in jou lewe? Jy het heelwat ouer geword. Hoor wat sê die Bybel vir jou in Psalm 37:25 *"Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie."* God beloof om met jou te wees in die aand van jou lewe en jou krag te vernuwe. Hy het beloof in Ps. 92:15: *"Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."* Of praat ek met iemand wat deur 'n nag van beproewing kom? God beloof om vir jou te wees soos dou. Dou is iets wat saggies val. Reën en storm sal jy hoor en sien. Mag jy God ervaar soos dou wat jou gees sal verkwik.
Waar reën nou en dan kom, is dou 'n daaglikse ondervinding. Jy kan God se teenwoordigheid elke dag beleef (deur Sy Woord en gebed) sodat jy versterk kan word, soos ons teks sê: *"...hy sal bloei soos 'n lelie en sy wortels uitslaan soos die Libanon."*

Soos 'n lelie wat selfs op 'n ashoop groei sal jy skoon wees en pragtig vertoon vir die Here, kan jy op enige plek God dien.
Jy sal groei soos die bome van die Libanon – groot en sterk.

## Versterk jouself in die Here

**1 Samuel 30:6** *"En Dawid het dit baie benoud gehad, want die manskappe het gepraat om hom te stenig....maar Dawid het homself versterk in die Here sy God."*

Dawid het met ongeveer 400 van sy manne teruggekom van die slagveld om uit te vind dat die Amalekiete die stad Siklag ingeval het en hul vroue en kinders wat agter gebly het weggevoer het. Sy manne was woedend en verbitterd en het dit oorweeg om hom te stenig. Dit is toe dat Dawid homself versterk het in die Here sy God. Ons weet nie hoe hy dit gedoen het nie maar persoonlik is ek van mening dat hy homself versterk het deur lof aan Sy God te bring. Dawid se hart was vol van al die liede wat hy gedig het vir Sy God en kon dus uitroep:

Ps. 23:1 *"Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie"*

Ps. 34:8 *"Die engel van die Here trek 'n laer rondom die wat hom vrees, en red hulle uit"*

Ps. 37:4,5 *"...verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart. Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer"*

Ps. 42:6 *"Wat buig jy jou neer, om my siel, en is onrustig in my? Hoop op God..."*

Ps. 103:2 *"Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie!"*

Dawid het "homself" versterk en deur dit te doen kon hy weer sy manne versterk, sodat hulle hom kon volg om hul vroue en kinders weer terug te kry van die Amalekiete.

Versterk jouself deur gebed en die Woord, maar ook deur lof aan God te bring (soos Dawid) En asb! Wees kieskeurig wat jy lees en waarna jy kyk op tv.

In tye van nood sal jy jouself kan versterk, met dit wat reeds in jou hart is. Jy kry alleenlik uit 'n ATM bank wat jy daarin geplaas het. Watter mooi dinge (soos Bybelverse) het jy reeds gedeponeer in jou hart?

## Geeestelik moet jy sterf as jy wil lewe

**Galasiërs 2:20** *"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my."*
Die Boodskap vertaal dit: *"Daardie ou, sondige ek is iets van die verlede; dood en begrawe. Christus leef nou in my."*

In Durban was daar 'n Droogskoonmakers met die volgende advertensie: *"We live to dye, and we dye to live."* Hierdie is 'n kommersiële advertensie, maar ons kan hieruit iets leer. Ons moet lewe om te sterf, en ons moet sterf om te leef!
Jesus het ook verwys na die "koringkorrel" wat eers moes sterf. In Joh. 12:24 verwys Hy na Homself wanneer Hy sê:
*"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."* Uit Sy dood het daar baie vrug voortgekom. Die vrug was die miljoene wat deur Sy kruisdood die ewige lewe kon deelagtig word.

Ons moet "sterf" met betrekking tot die dinge wat die Here nie gelukkig maak nie. Louis Malherbe het dit so uitgedruk: *"God moet kan glimlag wanneer Hy na jou kyk."*
God is nie 'n pretbederwer nie. Alles in hierdie wêreld is nie sondig nie. Indien jou hart jou veroordeel, moet jy weet dat wat jy wil doen, volgens 1 Joh. 3:21, verkeerd is.
Oorwinning beteken nie om vry te wees van versoeking nie – maar om versoeking te weerstaan.
In Gal. 5:19-21 gee Paulus 'n lys van dit wat God nie tevrede stel nie. Hy noem dit "die werke van die vlees" Indien ons wil oorwin moet hierdie vleeslike drange in ons sterf. Want dié dinge sal ons geestelik doodmaak. (Lees dit self) Sluit jou leeswerk net af met wat in vers 22 geskrywe staan!

Volgens Gal. 2:20 is dit duidelik dat ons moet sterf met betrekking tot die "self"
Jou grootste probleem is nie die duiwel nie, maar jy self.
Ja, daardie persoon wat jy elke dag in die spieël sien.

## ‘n Naam bo elke naam

**Filippense 2:9** *"Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is..."*

Name word gewoonlik aan mense gegee omdat dit 'n betekenis het. Die name van mense het 'n goeie of slegte boodskap. Noem die naam Judas, dan dink ons aan 'n verraaier wat sy meester verkoop het vir R6.
Maar, noem die naam Jesus dan dink ons aan dié een wat vir ons gesterf het aan die kruis vir ons sondes. In Hand. 4:12 lees ons: *"En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered kan word nie."*
In Joh. 14:13 het Jesus gesê: *"En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word."* Vra vandag, met groot vrymoedigheid, jou hemelse Vader wat jy nodig het in Jesus se Naam. (Glo Heb. 11:6)

Ek het die voorreg gehad om met 'n toergroep in Israel te kon toer. Ons het met ons bus vertrek uit Nasaret toe ons 'n jong Joodse dame-soldaat opgelaai het. Sy was maar 18 jaar oud. Een van ons toerlede het aan haar Jesus verkondig. Dit was egter vir my skokkend toe ek verneem het, dat alhoewel sy groot geword het in Nasaret (en daar tog kerke was) het sy nog nooit van Jesus gehoor nie! Ek sal nooit haar woorde vergeet nie: *"This man, Jesus, must have been a wonderful man. I wish I could know more about Him."* Om te dink dat sy groot geword het in Nasaret, en nog nooit van Jesus gehoor het nie?

Indien jy gered is deur Sy Naam, help iemand anders om ook gered te word. Reik ook uit na iemand in nood en bid vir daardie persoon in Jesus se Naam!

## Gee julle iets om te eet
**Lukas 9:13** *"Gee julle vir hulle iets om te eet."*

Hierdie verhaal gaan oor die vermeerdering van die vyf brode en die twee vissies van 'n seuntjie. Jesus het die skare innig jammer gekry toe Hy hul honger gesien het. Persoonlik glo ek dat die profesie van Amos besig is om plaas te vind, naamlik: Amos 8:11 *"Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor."* Ja, daar is 'n honger na brood, maar die grootste honger is na die Woord. Het ons vandag genoeg geestelike voedsel om vir hulle te gee wat 'n honger het na die Here?

Kerke vandag het mooi geboue; die mooiste matte; sagte sitplekke; lugversorgers; sierlike motors in hul parkeerareas, maar het ons genoeg geestelike voedsel om die hongerige mense te voed? Mag ek 'n beroep maak op die predikers? Moenie 'n sak vol klippe kansel toe neem nie, maar neem 'n sak vol "warm brood" om die mense se honger te voed. Niemand moet uit ons dienste gaan met 'n honger in hul harte nie.

Iets wat my altyd tref in hierdie verhaal is, dat net die mans getel was. (Vers 14) In Matthéüs se weergawe voeg hy die volgende woorde by: *"En dit was omtrent vyfduisend manne wat geëet het, buiten die vroue en kinders."* (Matt. 14:21) Ek dink daar was amper dertig duisend mense wat gevoed was. Nog iets tref my in dié verhaal en dit is dat Jesus die brood en vissies gebreek het en aan Sy dissipels gegee het om uit te deel. Die wonderwerk van vermeedering was in hulle hande. Dieselfde sal jy ondervind as jy doen wat die Here vir jou sê.

God het jou geseën met baie!
Wil jy dit nie oorweeg om daarvan uit te deel met die hongeriges om jou nie?
Jy kan in iemand se lewe 'n verskil maak – doen dit.

# Gekap uit die Rots

**Jesaja 51:1** *"Luister na My, julle wat die geregtigheid najaag, wat die Here soek! Aanskou die rots waaruit julle gekap is..."*

Die Boodskap vertaal ons teks soos volg: *"Julle wat probeer om reg te doen moet na My luister. Julle wat na die wil van die Here soek, moet luister. Onthou uit watter rots julle gekap is.."* Is dit miskien waar die gesegde vandaan kom, naamlik: *"Chip of the old block?"*

Oral in die Bybel word verwys na God as 'n rots, waar ons kan skuiling vind. Nadat God vir Dawid verlos het van sy vyande, het hy uitgeroep: *"Die Here is my rots en my bergvesting en my redder; God is my rots by wie ek skuil..."* (2 Sam. 22:2,3) In Ps. 31:3 skryf hy: *"Neig U oor tot my, red my gou; wees vir my 'n rots om in te vlug..."* En dan in Ps. 94:22 sê hy: *"Maar die Here is 'n rotsvesting vir my, en my God die rots van my toevlug."*
Jy en ek is gekap uit 'n "Ewige Rots" Hoekom praat ons van "ewige"? Omdat God vir altyd sal wees en onbeweeglik sal vas staan soos 'n rots. By Hom kan ons skuil sonder om te vrees. Het jy mooi gehoor, dat jy by die Here kan skuil sonder om te vrees? Haal dus jou oë af van alles en plaas dit op Hom!
Vir hierdie rede doen ons wat Heb. 12:2 ons leer om te doen, naamlik: *"...die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof..."*
Natuurlik is dit so dat wanneer ons Hom aanskou, dan sien ons verseker ons eie tekorte raak. Dit was toe Jesaja bewus geraak het van God se heerlikheid, dat hy uitgeroep het dat hy 'n man is met onrein lippe. (Jesaja 6:5) Gelukkig het God Jesaja nie verwerp nie, maar hom aangeraak met 'n koolvuur van Sy altaar. Dieselfde sal jou Rots, die Here, met jou doen.

Al wat jy moet doen is om reg te doen en na Hom luister.
Moet nooit vergeet dat jy uit die "Ewige Rots" gekap is nie.
Jy is kosbaar vir God, en is Sy oogappel (Sagaria 2:8)

# Jy behoort tweemaal aan die Here

**Jesaja 43:1** *"Maar nou, so sê die Here, jou Skepper...Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne!"*

Het jy mooi gehoor? Die Here sê: *"Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne."* God het ons as mens gemaak, daarom is ons Sy eiendom. Maar toe het sonde, soos 'n sterk wind gekom, en ons weggedryf van God af. Jesus het toe vir ons betaal aan die kruis van Golgota, om ons weer terug te koop. Dus behoort ons tweemaal aan die Here.

Dit laat my dink aan 'n verhaal van 'n vader wat vir sy seuntjie 'n pragtige bootjie gebou het. Naby hulle huis was daar 'n groot meer waar die seuntjie daagliks met sy bootjie kon gaan speel. Een middag het die wind baie sterk opgekom en die bootjie weggedryf dat die seuntjie dit nie weer kon kry nie. Met oë vol trane het hy by die huis aangekom en alles aan sy vader vertel. Natuurlik het sy vader hom getroos na die beste wat hy kon.
'n Week later loop die seuntjie in die dorp en sien sy bootjie in 'n winkel se venster. Hy het na binne gestorm en sy bootjie gaan haal, maar die winkel eienaar het hom laat verstaan dat 'n ander seun dit aan hom verkoop het. Hy kon dit terug kry, maar teen 'n prys. Met trane is hy na sy pappie wat ooreengekom het om hom ekstra te betaal vir sekere werkies wat hy vir hom moes doen. Toe hy genoeg geld gehad het is hy terug na die winkel om sy bootjie terug te koop. Jy kon hom met vreugde hoor wegdraf van die winkel, bootjie in sy arms, met hierdie woorde: *"bootjie, bootjie, jy is nou tweemaal myne. Eers het ek en vader jou gemaak. Toe het die wind gekom en jou weggedryf van my af. Maar ek het jou nou terug gekoop, daarom is jy tweemaal myne."*

Die Here het jou voorwaar by jou naam geroep.
Die wonderllikste is dat jy tweemaal Syne is!

**'n Nuwe mens!**

**2 Korinthiërs 5:17** *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!"* (Die Boodskap)

Voorwaar as God 'n mens verander het, is dit merkwaardig!
Petrus die geharde visserman, word die man wie se skaduwee mense genees. (Hand. 5:15) Die stormagtige besetene van Gadara word die kalm volgeling van Christus. (Lukas 8:35)
Die vrou van Samaria wat met ses mans onsedelik geleef het, word die boodskapper van die ewige lewe wat daar in Christus te kry is. (Joh. 4:28,29)
Paulus die onverskrokke vervolger van die Christene word, soos hy dit self stel: *"'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God"* (Romeine 1:1)
Omdat hy 'n nuwe mens geword het moes hy die ou lelike dinge vergeet het. (Fil. 3:14) In sy geval moes hy vergeet het hoe hy die gemeentes vervolg het en in tronke gestop het.
Nuwe mens! Vergeet ook die slegte verlede, sodat jy kan aangaan met jou lewe in Christus.

Ek vra: Is jy 'n nuwe mens? Ja, 'n splinternuwe mens? 'n Nuwe skepping in die kleine?
Ek het dit geword as jongman – hoe kan ek dit vergeet. Ek het nou die dag vir iemand gesê dat een van my groot probleme was 'n vinnige humeur. Ek kon maklik kwaad word en as gevolg daarvan kon ek lelike taal gebruik. Maar dank God, toe ek 'n nuwe mens geword het (toe Jesus my sonde vergewe het) het ek my humeur "verloor" om dit nooit weer "op te tel" nie. Ja, vir my het daar toe "'n nuwe skepping in die kleine begin" soos wat ons teks vandag dit so treffend uitdruk.

As jy geestelik verloor het – God kan jou weer nuut maak.
Hy wag net dat jy Hom sal vra om jou weer te herstel,
en jou blydskap wat jy gehad het, terug te gee.

## ‘n Lamppit wat rook

**Matthéüs 12:20** *"'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en ‘n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie..."*

As mens is ons geneig om stukkende dinge weg te gooi, maar die Here maak stukkende dinge (asook mense) weer reg. Hy verbreek nie, maar herstel. Mag die Here vandag vir jou persoonlik iets nuuts doen. Ja, mag Hy selfs gebreekte verhoudinge in jou familie weer heel maak.
Waarom rook ‘n lamppit? Dit kan wees omdat die pit te klein uitgedraai is. Is dit nie die rede dat jou lig vir die Here nie meer helder brand nie? Indien jy bereid is om “uit te staan” vir Christus en nie skaam te wees om te getuig van Sy grootheid nie, sal jou geestelike vlam weer helder brand.
Nog ‘n rede waarom ‘n lamppit nie mooi kan brand nie is wanneer daar swart roet aan die pit is. Hierdie “swart roet” is die foute wat ons maak. Foute sal jou vlam in die Here doodmaak.
Gelukkig sê die Bybel in 1 Joh. 1:9 (Die Boodskap) *"As ons egter voor God erken dat ons foute gemaak het en nooit weer dieselfde foute wil maak nie, sal God van Sy kant af heeltemal van ons sondes vergeet. Hy sal ons geestelik skoon was van alles waarvan Hy nie hou nie."*
‘n Lamppit kan rook omdat die olie in die lamp opgeraak het. Ons dink hier aan die gelykenis van die tien maagde. Vyf se olie het opgeraak en daarom was hulle nie gereed om die bruidegom te ontmoet nie. Het jou geestelike olie opgeraak? Vra die Here om Sy Gees opnuut uit te stort in jou hart, sodat jy weer vir Hom helder kan brand.

Voel jy dat jy “geknak” is, of dat jy nie “aan die brand” is vir die Here nie? Vandag se boodskap is duidelik:
God sal jou nie verbreek of uitblus nie. Sy liefde en genade is vir jou te groot!

**Gebind deur die Gees**

**Handelinge 20:22** *"En kyk, ek gaan nou gebind deur die Gees na Jerusalem..."*

The Amplified Bible: *"And now, you see, I am going to Jerusalem, bound by the (Holy) Spirit, and obligated and compelled by the [convictions of my own] spirit..."*

Ons teks beteken: Getrek en gedwing deur die Gees sonder dat ek kan keer! Die Heilige Gees kan ons dwing om God se wil te doen. Soms anders as wat ons gedink het.
In Hand. 16:6,7 lees ons iets treffend: *"En hulle het deur die land Frigië en Galasië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die Woord te verkondig. En toe hulle by Misië kom, het hulle probeer om na Bithinië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie."*
Dit is treffend dat die Heilige Gees hulle verhinder om op 'n sekere plek die Woord te verkondig. Tog as jy verse 9,10 lees dan het die Heilige Gees hulle toegelaat om in Griekeland die Evangelie te verkondig. Dink goed na oor wat so pas gesê is.
Paulus is so "gebind deur die Gees" dat terwyl hy weet daar wag vir hom groot probleme in Jerusalem, was hy glad nie bekommerd oor sy eie lewe nie.
Die Here het my geroep op die 5de Mei 1955, tydens 'n Jeugsaamtrek in Pretoria. Die prediker het gepreek uit Jesaja 6:8 waar God Jesaja geroep het. Soos Jesaja het ek ook geantwoord: *"Here, hier is ek, stuur my"*
Hoekom het ek dadelik so gereageer? Omdat die Gees my getrek het, ja vasgevang het, sonder dat ek kon keer.
Wat het my gemaak om met 'n fiets elke dag meer as twintig kilometers te ry stasie toe om 'n trein te neem van Pretoria na Johannesburg, waar ek studeer het? My antwoord is omdat die Gees in my gewerk het om my roeping te vervul.

Gee ag op wat God se Gees tans besig is om in jou te doen. Wees gehoorsaam aan Sy stem in jou hart.

# Die wat op die Here wag

**Jesaja 40:31** *"...die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie."*
Die Lewende Bybel stel dit so: *"...dié wat hulle verwagting op die Here stel kry nuwe krag..."*

Die wêreld soek krag: Liggaamlike krag; Finansiële krag; Kernkrag. Die kerk het ook krag nodig. Ons het nie mooier kerkgeboue, metodes en programme nodig nie.
As gelowiges het ons God se Heilige Gees krag nodig. Baie keer is dit dat 'n vakansie nie genoeg is om nuwe krag te kry nie, terwyl 'n ontmoeting met God ons al die krag gee wat ons nodig het. Maar 'n konstante verhouding met God gee beslis krag wat ons nodig mag hê. Eienaardig, as mens is ons bereid om vir baie dinge te wag, maar ons is nie altyd bereid om op die Here te wag nie. Soos die Lewende Bybel dit stel: Ons moet ons verwagting op die Here stel, dan sal ons nuwe krag ervaar.
Dawid het eenmaal iets besonders gebid, naamlik: *"In die môre, Here, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag."* (Psalm 5:4) Daar is tye dat ons net stil moet raak voor die Here. Ek weet dit is nie so maklik nie.
As ons op die Here sal wag sal ons opvaar met vleuels soos die arende en selfs nie eers moeg word nie. Die arend is dié voël wat die hoogste kan vlieg. As gevolg daarvan maak dit hom eensaam, want ander voëls kan nie so hoog vlieg nie. Daarom sal jy ook soms eensaamheid beleef.
'n Arend kan die storm sien aankom. Die Here kan jou waarsku teen storms wat jou en jou gesin bedreig. Doen dan wat die arend doen voordat die storm hom bereik – hy vlieg hoër op sodat hy bokant die storm kan kom.

My boodskap aan jou is:
Neem meer tyd om op die Here te wag, en wees gereed wanneer storms sou kom.
Hierdie is iets wat jy self moet leer om te doen.

**Leer vlieg soos 'n arend**

**Deuteronomium 32:11** *"Soos 'n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos 'n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra, so het die Here, net Hy alleen, sy volk gelei..."*

Die Boodskap: *"'n Arend skop op 'n dag haar kleintjies wat te groot geword het, uit die nes uit."*

Jy het so pas in hierdie vers gelees hoe die arend sy kleintjie leer vlieg! Ja, op 'n dag word hulle uit die nes gedruk of dan "uitgeskop" Dit is al hoe hulle sal leer vlieg. Natuurlik wil hulle in die heerlike warm nes bly waar kos vir hulle aangedra word. Sien die klein arend in sy lekker warm nes, veilig en niks om oor bekommerd te wees nie. Op 'n dag kom die ma arend terug nes toe – maar vandag sonder kos! Sy het 'n snaakse kyk in haar oë. Sy ruk dele van die nes uit met haar bek en gooi dit oor die afgrond. Sy slaan haar kleintjies met haar vlerke. Die takke wat oorgebly het, maak seer. Sy laat hulle selfs honger ly. Moeder arend druk die kleintjie uit die nes uit. Die klein arend voel hy val, maar dan word hy bewus van 'n groot vlerk onder hom wat hom vang. Uiteindelik dring iets tot hom deur, en dit is, dat hy ook vlerke het en dit moet gebruik indien hy nie vandag wil sterf nie. God het jou toegerus met alles wat nodig is om 'n oorwinnaar te wees!

Baie Christene is soos 'n baba wat net versorg wil word, terwyl die Here verlang dat ons sal groei na volwassenheid.

Hy wil ons leer vlieg soos wat die arend met hul kleintjies maak. Ons moet op die plek kom waar ons besef dat God het ons ook "vlerke" gegee. Ja, die vermoë gegee het om geestelik te kan vlieg en self op te styg na groter oorwinnings.

Maak jou geestelike vlerke sterk deur gebed en die Woord. Onthou die boodskap in Jesaja 40:31, naamlik om op die Here te wag. Een verklaring van die woordjie "wag" beteken om met God te "ontmoet"

## Mag die Here...

**Psalm 20: 2,5,6** *"Mag die Here u verhoor in die dag van benoudheid!...Mag Hy u gee na u hart en al u voornemens vervul!...Mag die Here al u begeertes vervul!"*

Die woord "Mag" gebruik ons gewoonlik om aan te dui dat iets moontlik sal plaasvind. In dié Psalm is dit duidelik dat daar in Dawid se gemoed geen onsekerheid is nie.
Dawid gebruik die woord "Mag" hier met outoriteit – menende dit sal so wees!
Maak jou gebed en belydenis persoonlik wanneer jy verklaar:
*"Mag die Here my verhoor in die dag van benoudheid en my beskerm!"*
*"Mag die Here onthou hoe getrou ek Hom gedien het en aan Hom gegee het. Ja, hoe bly ek Hom gemaak het!"*
(vers 4 – Die Boodskap)
*"Mag Hy my begeertes van my hart gee en my planne suksesvol laat wees!"*
Dawid sluit sy gebed af met hierdie woorde: *"Laat die koning asseblief wen, o Here. Luister asseblief as ons bid."*
(Die Boodskap – vers 4) God wil jou ook laat wen!

Word jou gesin bedreig? Moenie vrees nie, want God is in elk geval instaat om beter te kyk na jou kinders en jou kleinkinders as wat jy dit kan doen. En as iemand siek is mag jy die Here vertrou vir genesing. Ons is dankbaar wat geneeshere doen, maar Jesus Christus bly die groot Geneesheer. 1 Petrus 2:22-25 is tog so duidelik: *"Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie...wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het...deur wie se wonde julle genees is."*

Mag Hy jou verhoor wanneer jy in jou benoudheid roep na Hom. Dit is my gebed vandag vir jou.

## Bid sonder om te twyfel

**Jakobus 1:6,7** *"Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie..."*

Geloof is nie 'n kans vat nie! Geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop en is 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. (Heb. 11:1) Gelukkig het elkeen van ons 'n mate van geloof van God ontvang. (Rom. 12:3) Jy kan dus glo.
Ongeloof is geloof in tru-rat. Ongeloof is wanneer jy die negatiewe dinge glo. Versterk jou vertroue in die Here deur die Bybel te ken en Skrifgedeeltes aan te haal wanneer die vyand jou in jou denke aanval met dit wat negatief is. Selfs Jesus het die duiwel se versoeking oorwin deur elke keer vir hom te kon sê *"daar staan geskrywe"* (Matt. 4)
Elke teks in die Bybel is soos 'n getekende tjek wat jy wissel in die bank. Jesus Christus het elke belofte in die Bybel geteken met Sy bloed wat Hy vir ons betaal het. Jy kan God se Woord gebruik teen enige aanslag van die duiwel, want Sy beloftes is "Ja" en "Amen" (menende dit sal gebeur)
Ons lees in 2 Kor. 4:13 *"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook."* Wat dus uit jou mond kom moet woorde van geloof wees, anders gaan jy nie antwoorde op jou gebedes verkry nie. Luister ook net na suksesvolle mense. Voordat jy enige woord glo wat iemand aan jou gee moet jy eers seker maak of daardie persoon die reg het om dit te doen. Moet dus nie enige woord glo en aanvaar nie. 'n Profetiese woord moet kan stig, troos en bemoedig – anders is dit nie van God nie! (Lees self 1 Kor. 14:3)

*"Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en Sy oor is nie te swaar om te hoor nie."* (Jes. 59:1)
God wil jou hoor en Hy wil jou help – bid sonder om te twyfel!

**Vry van sonde-skuld**

**Jesaja 43:25** *"Ek, Ek is dit wat jou oortredinge* ***uitdelg*** *om My ontwil, en aan jou sondes dink Ek nie"*

Die Boodskap: *"Maar Ek is die Een wat jou oortredings* ***afskryf*** *omdat dit is soos Ek is. Ek dink nie verder aan alles wat jy verkeerd gedoen het nie"*

Dit is wonderlik om te dink dat God ons sondes *"uitdelg"* en *"afskryf"* In die Engelse Bybel word woorde gebruik soos: *"blots out"* en *"wiped out"* Dit is soos God is!
Jy het seker al 'n besigheid gebel en gevra wat is jou uitstaande balans op jou rekening? Indien jy vandag iemand in die hemel kon bel om 'n soortgelyke vraag te vra, sal jy 'n antwoord kry soos: *"Maar my kind, God het jou nie alleen vergewe nie, maar jou uitstaande skuld tot niet gemaak. Dit meen dat dit ophou bestaan het. As Christus jou vrygemaak het, is jy waarlik vry. Daar is 'n streep getrek deur alles waaraan jy skuldig was."* (Lees Kol. 2:14 – veral in Die Lewende Bybel)
Toe ek nog nie hierdie waarheid verstaan het nie, het my prediking hoofsaaklik daarin bestaan dat my gemeente Sondag vir Sondag "tot bekering" moes kom. Inteendeel, ek het daardie tye gesien dat hoe meer hulle "pak gekry het", hoe meer het hulle kerktoe gekom. Ai, ek is jammer oor hierdie soort prediking wat ek gehad het, en wat nog baie vandag gehoor word.
Dank God, ons is vry van sonde-skuld! Psalm 103:12 druk dit so duidelik uit: *"So ver as die Ooste verwyderd is van die Weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons"*

Hou op om jouself aan te kla. Dit is die duiwel se werk.
Spreek jouself vry as jy seker is dat God jou vergewe het.
Aanvaar dat jy vry is van sonde-skuld!

**Jy sal weer opstaan!**

**2 Korinthiërs 4:7-9** *""Al is God by my, is ek maar net 'n doodgewone mens. Ek is soos 'n breekbare kleipot. Die lewe stamp my ook maar goed rond. Tog dra ek 'n baie waardevolle skat hier binne-in my rond. Daarom moet julle weet dat die groot krag van God wat deur my werk, glad nie uit my kom nie. Inteendeel: Ek kry dikwels swaar, maar ek is nooit mismoedig nie. Ek weet nie elke dag presies wat ek moet doen nie. Tog is ek nooit radeloos nie. Ek word vervolg, maar ek weet God los my nooit alleen nie. Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke keer weer op."* (Die Boodskap)

In hierdie Skrifgedeelte som Paulus sy lewe van swaarkry op. Tog vind ons nie dat hy mismoedig is nie maar in oorwinning en hy praat van 'n baie waardevolle skat wat binne-in hom is. Hy is ook seker dat God hom nooit alleen los nie, en al word hy *"onderstebo geloop"* of *"neergewerp"* (ou vert.) staan hy elke keer weer op! Ek hoop hierdie beskrywe ook jou lewe, soos wat dit Paulus se lewe beskryf?
Dit sal goed wees as jy gaan lees in 2 Kor. 11:24-28 wat alles gebeur het met Paulus. Die verhaal van Paulus se steniging lees ons in Hand. 14:19,20. Dit is waar die Jode hom buitekant die stad gegooi het, met dié gedagte dat hy dood was.

Miskien het jy 'n teleurstelling in besigheid gehad en omtrent alles verloor? Weet dit dat dié God wat jy dien het gesê in Psalm 50:10-12 dat die vee op al die berge behoort aan Hom en die wêreld met alles wat daarin is. God het alles gemaak en besit alles. God kan jou meer gee as wat jy kan bid of wat jy kan dink. Jy is in die holte van Sy hand en niemand sal jou uit Sy hand kan ruk nie. Joh. 10:28

Ek weet nie alles wat jy tot hiertoe ervaar het nie.
Maar een ding weet ek en dit is dat niks jou onder kan hou nie.
Al word jy *"onderstebo geloop",* sal God jou help om elke keer weer op te staan.